AfriForum

# AFRIFORUM TEENBOELIEGIDS




## ’N LEIER SE GIDS OM AFKNOUERY IN SKOLE HOK TE SLAAN

AfriForum se teenboeliegids vir leerders, ouers en onderwysers



INLEIDING



# VOORWOORD:

Die *AfriForum Teenboeliegids* help kinders/leerders om die definisie en impak van boeliery/afknouery te verstaan deur dit te vergelyk met 'n lelike, omgekrapte boeliereus. Hierdie metafoor sal kinders help om bewus te raak van die rol wat hulle in afknouery speel: of hulle nou tipiese teikens is, die boelie self, of die omstanders – of selfs in al drie kategorieë val. Die rol van die omstanders kan veral as belangrik geag word. Hierdie gids is bedoel om kinders te help besef wat die krag van die omstanders is – om 'n bondgenoot te word vir ander en om vir hulleself en vir ander op te staan. Die gids help hulle besef dat hulle beter empatie kan aanleer, hoe om meer betrokke te raak in goeie en vriendelike dade, en hoe hulle kan opstaan teen afknouery. Dit is belangrik om met hierdie bewusmaking reeds by kinders te begin, juis omdat hulle as agente van verandering kan optree om verder in die samelewing 'n verskil te gaan maak.

As 'n volwassene kan jy die inhoud van die gids met jou kind deel deur die gids met hulle te bespreek.

Moedig kinders aan om noukeurig na die prente te kyk. Vra hulle oor hulle ervaringe met boeliery en luister na hulle antwoorde. Jy kan hulle ook met die aktiwiteite agter in die boek help en hierdie gids kan gebruik word om jou gesprek te lei en ook om meer van jou eie aktiwiteite aan te bied.

Hierdie gids word in drie dele opgedeel. Deel 1 bied raad aan ouers indien die kinders boelies is of die slagoffers van boelies is. Dit beskryf die tekens van afknouery/boeliery en verduidelik waarom empatie onder leerders belangrik is. Die oorsake van afknouery in skole word behandel, asook die sewe vaardighede wat kinders moet aanleer om teen boelies op te staan. Daar word voorts aandag gegee aan gedeelde leierskap en waarom dit 'n moontlike oplossing vir afknouery in skole is. Bekendes deel ook hulle stories waarmee die kinders kan identifiseer. Deel 2 bied 'n opsomming van die verskillende temas wat aangeraak word en dit stel ook seker vrae voor wat met die kinders bespreek kan word. Deel 3 voorsien aktiwiteite wat vir die kinders uitgedeel kan word (en gekopieer kan word). Alhoewel hierdie gids vir 'n wye ouderdomsgroep kinders bedoel is (vir lesers van sewe jaar en ouer), kan dit met tye nodig wees om van die vrae en aktiwiteite aan te pas by die vermoëns en ouderdom van die kinders met wie jy werk. Jy ken jou eie kinders die beste, en daarom kan jy die aktiwiteite só verander of aanpas dat dit toepaslik vir 'n spesifieke ouderdomsgroep is.

Mag ons kinders leer om hulle eie identiteit te koester en om ander mense met respek te hanteer. Ons kinders is die leiers van môre, hulle is ons land se toekoms. Jy as ouer of onderwyser maak 'n reuse-impak in ons kinders se lewens: leer hulle om hulle liggies helder te laat skyn in die donker wêreld daar buite, sodat hulle 'n verskil in ander kinders se lewens kan maak. Leer kinders om hulle maats op te bou in plaas van af te breek. Ons elkeen is uniek en uitgekies!

*Leandie Lombaard*

# INHOUDSOPGAWE:

VOORWOORD: 3

DEEL 1: RAAD-EN-DAAD VIR OUERS, ONDERWYSERS EN LEERDERS 7

1.1 Afknouery in skole – jou kind kan 'n slagoffer wees 8
1.2 Afknouery in skole – is jou kind dalk die boelie? 12
1.3 Waarom empatie onder leerders belangrik is 15
1.4 Oorsake van afknouery in skole 16
1.5 Sewe vaardighede wat kinders moet aanleer om teen boelies op te staan 17
1.6 gedeelde leierskap – moontlike oplossing vir afknouery in skole 19
1.7 Afriforum se teenboelieveldtog – laerskole word bemagtig 21
1.8 Boelies, bly weg, want ons het die reg 22
1.9 Bekendes deel hul stories 24

DEEL 2: TEMAS EN BESPREKINGSVRAE 28

2.1 Gebruik jou verbeelding: sien 'n gevaarlike reus 30
2.2 Lelike woorde en dade maak die boeliereus sterker 30
2.3 Wrede aksies maak die boeliereus sterker 32
2.4 Stil en skelm boeliery maak die boeliereus sterker 32
2.5 Wie word geboelie? 33
2.6 Kinders wat boelie 34
2.7 Kinders wat boelie en nie besef hulle is boelies nie 34
2.8 Enige iemand kan die boelie wees 35




2.9 Baie kinders is bang om iets te doen oor boeliery/afknouery 35

2.10 Positiewe woorde en aksies 36

2.11 Staan op teen boelies en rapporteer afknouery 36

2.12 Wanneer kinders saamstaan, is dit makliker om op te staan teen boelies 37

2.13 Die goue reël 38

2.14 Die boeliereus word swakker 38

2.15 Aanvaar die uitdagings 39

2.16 Totsiens boeliereus!! 39

## DEEL 3: AKTIWITEITE 41

3.1 Vind voorbeelde van boeliegedrag op televisie (tv) 42

3.2 Soek bekende mense se stories oor boeliery/afknouery 42

3.3 Maak boeliereus kolleges 43

3.4 Ons klaskamer is 'n plek waar... 46

3.5 Gebruik ek-boodskappe 47

3.6 Soek woorde 48

3.7 Ontwerp 'n visie-bord 49



# RAAD-EN-DAAD VIR OUERS, ONDERWYSERS EN LEERDERS



# DEEL 1:

# RAAD-EN-DAAD VIR OUERS, ONDERWYSERS EN LEERDERS

## 1.1 AFKNOUERY IN SKOLE – JOU KIND KAN 'N SLAGOFFER WEES

Afknouery is 'n wêreldwye probleem en Suid-Afrika is beslis geen uitsondering nie. Volgens 'n Unesco-verslag[1] word bykans 250 miljoen kinders en jongmense jaarliks op 'n globale skaal afgeknou. Navorsing toon dat boelies daarop uit is om sekere kinders te treiter en af te knou weens verskeie redes, soos verskille in etniese en kultuurgroepe, liggaamlike voorkoms, of seksuele of geslagsoriëntasie.

In die Suid-Afrikaanse konteks vind daar gereeld voorvalle van afknouery plaas, soos byvoorbeeld die voorval in Maart 2016[2] waar 'n leerder by 'n skool in Kaapstad 'n ander leerder met 'n baksteen teen die kop gegooi het. Twee seuns was by hierdie voorval betrokke. Twee video's is op sosiale media versprei van 'n voorval van afknouery wat in 2016 in Stellenbosch[3] plaasgevind. Die eerste video wys hoe 'n skoolmeisie aangerand word en hoe haar medeleerlinge blote omstanders is wat selfs video's van die voorval neem, in plaas daarvan om haar te help. In die tweede video probeer van die leerders egter die afknouery stopsit. 'n Familielid van die slagoffer in die tweede video het gesê dat 'n klag teen die aanvaller ingedien is. Sy het bygevoeg dat hierdie tipe voorvalle nie toegelaat kan word nie en dat negatiewe gevolge kan ontstaan, soos dat kinders te bang word om skool toe te gaan en dat hulle selfs selfmoordneigings kan ontwikkel. Sy het beklemtoon dat dinge nie kan aangaan soos wat dit tans die geval is nie.

In 2017 is daar oor verskeie voorvalle berig, onder andere die boelie-video wat op sosiale media gedeel is van 'n hoërskoolseun in die Wes-Kaap wat 'n huilende meisie tydens 'n rusie met 'n voorwerp slaan en haar ook met iets gooi[4]. Dan is daar ook die geval van 'n 14-jarige meisie wat deur twee seuns verkrag word terwyl 'n derde seun 'n video daarvan neem[5].



### 1.1.1 DEFINISIE VAN AFKNOUERY (OOK "BOELIERY")

Afknouery of boeliery is skadelike of aggressiewe gedrag wat op 'n aanhoudende en deurlopende wyse plaasvind en spesifiek gerig word op 'n leerder met minder gesag en selfvertroue as die aanvaller. Die Noorse navorser Olweus[6] identifiseer die volgende drie kenmerke van afknouery:

- Aggressiewe aksies met die bedoeling om ander kinders seer te maak;
- 'n Herhaling van hierdie aksies oor 'n tydperk; en
- 'n Wanbalans van mag wat die slagoffer hulpeloos laat sodat hy homself nie doeltreffend teen die aggressiewe gedrag kan verdedig nie.

1. Unesco. 2017. School Violence and Bullying: Global Status Report. Frankryk, Parys: Unesco.
2. De Villiers, J. 2017. Media24: 14-year-old hit with brick at Cape school. Internetbron. Beskikbaar by: http://www.news24.com/SouthAfrica/News/watch-14-year-old-hit-with-brick-at-cape-school-20170315. (Toegang 3 April 2017).
3. Botha, R. 2016. Media24: Second bully video emerges from Stellenbosch school. Internetbron. Beskikbaar by: http://www.news24.com/SouthAfrica/News/second-bullying-video-emerges-from-stellenbosch-school-20161207. (Toegang 2 April 2017).
4. Lourens, M. 2017. Maroela Media: [Video] Skoliere se 'boelie-video' ondersoek. Internetbron. Beskikbaar by: http://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/video-skoliere-se-boelie-video-ondersoek/. (Toegang 21 Junie 2017).
5. Lourens, M. 2017. Maroela Media: Hoërskoolseuns verkrag glo meisie (14) op video. Internetbron. Beskikbaar by: http://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/hoerskoolseuns-verkrag-glo-meisie-14-op-video/. (Toegang 21 Junie 2017).
6. Gaete, J., Valenzuela, D., Rojas-Barahona, C., Valenzuela, E., Araya, R. and Salmivalli, C. 2017. The KiVa antibullying programme in primary schools in Chile, with and without the digital game component: study protocol for a randomised controlled trial. Trials. 18(75):1–9.

'n Boeliesituasie word ook gekenmerk deur 6 definiërende faktore[7], nl.:

- Intensie om iemand skade te berokken – Die oortreder vind genot daarin om die slagoffer te domineer en uit te tart en hou daarmee aan selfs al toon die slagoffer tekens van nood.
- Intensiteit en die duur van die situasie – Die boelie hou aan met sy gedrag oor 'n lang periode en die afknouery veroorsaak dat die slagoffer se selfbeeld 'n knou kry.
- Mag oor die slagoffer – Die boelie het mag oor die slagoffer a.g.v. ouderdom, fisiese krag, grootte of geslag.
- Kwesbaarheid van die slagoffer – Die slagoffer is meer sensitief vir 'n getergery, kan homself nie voldoende verdedig nie en het fisiese of sielkundige eienskappe wat hom meer kwesbaar maak vir boelies en viktimisering.
- Gebrek aan ondersteuning – Die slagoffer voel geïsoleerd en blootgestel. Soms is die slagoffer bang om afknouery te rapporteer uit vrees vir vergelding.
- Gevolge – Die skade wat die slagoffer se selfbeeld opdoen, kan lank voortduur en kan daartoe lei dat die slagoffer homself van skoolaktiwiteite onttrek, of ook aggressief begin raak.

Boeliegedrag verskil van die gedrag in 'n gewone konfliksituasie binne die portuurgroep. In 'n gewone portuurgroepkonfliksituasie tree mense soos volg op:

- Dring nie daarop aan om hul sin te kry nie;
- Gee redes waarom hulle van ander verskil;
- Vra om verskoning en probeer wen-wen-resultate bereik;
- Is bereid om te onderhandel oor hoe hulle behoeftes bevredig kan word;
- Kan die onderwerp verander en wegstap[8].

### 1.1.2 AFKNOUERY KAN VERSKEIE VORME AANNEEM, NAAMLIK:

- Fisies (skop, slaan of boks);
- Verbaal (noem kinders name, dryf die spot met hulle of maak dreigemente);
- Emosioneel (sosiale uitsluiting, intimidasie deur gebare of dreigemente);
- Rassistiese afknouery;
- Seksueel; en
- Kuberafknouery (deur die internet op sosiale media soos Facebook; of deur selfone met haatboodskappe of afdreiging).

**Baie ouers is nie bewus daarvan dat hul kind moontlik 'n slagoffer van afknouery in die skoolomgewing kan wees nie – totdat dit te laat is. Kinders wil nie altyd hul ouers vertel dat hulle afgeknou word nie, uit vrees vir wat die boelie aan hulle sal doen as hulle uitpraat, of omdat hulle skaam of verleë is daaroor. Daar kan baie redes wees waarom jou kind jou nie wil vertel dat hy afgeknou word nie: daarom is dit jou werk as ouer om 'n oog (en 'n oor) op jou kind te hou. Wees bewus!**

### KUBERAFKNOUERY – WAT IS DIT?

Kuberafknouery word gedefinieer as die optrede waar iemand (die slagoffer) geteister, verneder, gedreig, of in die verleentheid gestel word deur elektroniese metodes, soos blitsboodskappe, e-posse of sosiale media. Dit is 'n verskynsel op sy eie en 'n hele studie kan net oor kuberafknouery gedoen word, maar dit deel elemente met leerder-op-leerder-afknouery, omdat leerders sosiale media gebruik om emosionele skade aan iemand anders ('n ander leerder) te berokken. Kubermisdaad word hier gepleeg en dit val onder 'n ander stel regsbeginsels[9].

7. Neser, J.J., Ovens, M., Van der Merwe, E., Morodi, R. and Ladikos, A. 2003. Peer Victimisation In Schools: The Observation of Bullying. *Crime Research in South Africa.* 5(1):1-12.
8. Weinhold, B. 1999. Bullying and School Violence. *Counselling Today.* 42(4).
9. Laas, A. and Boezaart, T. 2014. The Legislative Framework Regarding Bullying in South African Schools. PER: Potchefstroomse Elektroniese Regsblad. 17(6):2667-2702. https://dx.doi.org/10.4314/pelj.v17i6.12.

### 1.1.3 VYF TEKENS WAT KAN AANDUI DAT JOU KIND 'N SLAGOFFER VAN AFKNOUERY IS

#### 1. ONGEWILLIG OM SKOOL TOE TE GAAN

As jou kind dit normaalweg geniet om skool toe te gaan en ewe skielik nie meer wil gaan nie, kan dit daarop dui dat hy by die skool afgeknou word. Moenie gefrustreerd raak deur sy ongewilligheid om daaroor te praat nie, maar gesels eerder met jou kind oor die redes waarom hy nie meer wil skool toe gaan nie. Ouers moet geduldig wees as kinders aanvanklik bietjie senuweeagtig is om hulle te vertel wat aangaan.

#### 2. VERANDERINGE IN SLAAPPATRONE

Studies toon dat 36% van kinders wat slagoffers van afknouery is, slaapprobleme het. Kinders wat afgeknou word, kan soms parasomnia of nagmerries ervaar. Afknouery kan ook tot depressie by kinders lei, wat dan kan veroorsaak dat kinders sukkel om te slaap of dat hulle te veel slaap.

#### 3. VERANDERING IN GEAARDHEID

As 'n ouer moet jy jouself afvra of jou kind se geaardheid verander het en of hy buierig is terwyl hy voorheen gelukkig of toeganklik was. Só 'n verandering kan die gevolg wees van hormonale veranderinge, veral by tieners, maar dit kan ook 'n teken wees dat iets of iemand jou kind seermaak. Ouers ken hul kinders die beste, en daarom is dit juis belangrik dat hulle oplet na hulle kinders se houdings en buie.

#### 4. VRIENDVERSKUIWINGS

Hou jou kind se vriendegroep dop, want só kan jy agterkom wie hy ignoreer. Jou kind kan homself van 'n vorige vriendegroep distansieer.

#### 5. PUNTE WAT DAAL

Akademiese prestasies of punte wat daal, kan die gevolg wees van kinders wat bang is om skool toe te gaan, juis omdat hulle afgeknou word. Die skool word 'n omgewing van vrees en angstigheid, eerder as 'n omgewing waar daar geleer en genot ervaar word. Dít kan negatiewe gevolge vir kinders inhou omdat hulle hulle belangstelling in hulle skoolwerk verloor. Ouers moet hulle kinders se akademiese punte moniteer en as daar 'n groot daling is, moet hulle die moontlikheid oorweeg dat groter probleme die oorsaak daarvan kan wees[10].

Ander waarskuwingstekens van afknouery sluit die volgende in:

- Onverklaarbare beserings soos kneusplekke, snye en krapmerke;
- Vrees om skool toe te gaan, om skool toe te ry met die skoolbus, of om skool toe of huis toe te loop;
- Verskonings oor hoekom hulle nie skool toe kan gaan nie;
- Verlies aan eetlus of verandering in eetgewoontes;
- Vernielde of verlore skoolboeke, klere, of elektroniese toestelle; of
- Gereelde klagtes oor maagpyn, hoofpyn, naarheid of dat hy siek voel[11].

10. Meeker, M. 2016. 5 Signs Your Child Is Being Bullied at School. Internetbron. Beskikbaar by: https://megmeekermd.com/blog/5-signs-your-child-is-being-bullied-at-school/. (Toegang 12 April 2017).
11. Stopbullying.gov. 2017. Warning signs for bullying. Beskikbaar by: https://www.stopbullying.gov/at-risk/warning-signs/index.html. (Toegang 12 April 2017).

### 1.1.4 STAPPE OM TE VOLG AS JOU KIND AFGEKNOU WORD

Die bostaande waarskuwingstekens kan aandui dat jou kind dalk 'n slagoffer van afknouery is, maar dit kan ook tekens van ander vorme van mishandeling wees.

Ouers moet met skoolpersoneel en ook met hul kinders praat wanneer enige van hierdie tekens by kinders voorkom.

**Wanneer jy met jou kind gesels, moenie bloot reguit vra of hy geboelie word nie. Dit is beter om vrae te vra soos die volgende:**

- **"Daar is deesdae nogal baie berigte oor afknouery. Is daar afknouery in jou skool ook?"**
- **"Ek is bietjie bekommerd oor jou. Is daar enige kinders in jou klas/skool wat jou dalk moeilikheid gee of wat jou afknou?"**
- **"Word jy dalk deur kinders in jou skool gespot?"**
- **"Is daar enige kinders in jou skool wat jou aspris uitsluit uit hul vriendekringe?"**

Jou kinders moet besef dat jy as ouer vir hulle lief is en altyd daar is vir hulle. Dit is dus belangrik dat hulle moet weet dat hulle enige tyd met jou kan kom praat as daar dinge is wat hulle pla. Dit is ook baie belangrik om noue bande met jou kind se skool te hê, sodat jy sal weet wanneer daar iets gebeur, soos dat jou kind moontlik afgeknou word. Jy kan dan 'n onderwyser kontak om oor jou kind te gesels: jou kind se onderwyser is in die beste posisie om hulp te bied, omdat hulle die verhoudinge tussen kinders en hul skoolmaats verstaan.



## 1.2 AFKNOUERY IN SKOLE – IS JOU KIND DALK DIE BOELIE?

Afknouery kan gedefinieer word as aggressiewe gedrag met betrekking tot die opsetlikheid van die aanvaller, afknouery wat op 'n gereelde en herhaaldelike basis plaasvind of die misbruik van mag. Afknouery kan bestaan uit slaan, skop, boks, dreigemente, die versprei van skinderstories, sarkasme, verkleinering van iemand of om ander te spot. Boelies probeer graag om beheer oor ander kinders te kry deur afknouende woorde te gebruik of om handgemeen te raak. Boelies tree vyandig en aggressief teenoor hul slagoffers op.

Dogters of seuns kan boelies wees of gedrag van afknouery toon. Seuns is meer geneig om ander direk af te knou met fisiese aksie soos om te slaan of te skop, terwyl dogters eerder indirek betrokke raak deur skinderstories te versprei of deur 'n kind uit die groep te sluit. Afknouery by kinders begin al so vroeg as kleuterskool of die eerste paar jare van laerskool. Dit kan eskaleer in die kind se laerskoolloopbaan, met afknouery wat 'n hoogtepunt bereik aan die einde van die kind se laerskoolloopbaan of aan die begin van sy hoërskoolloopbaan. Teen die einde van so 'n kind se hoërskoolloopbaan kan hy in voorvalle betrokke raak waar hy kriminele of bendegedrag toon. Dit is daarom belangrik dat jy as ouer reeds stappe moet doen as jou kind nog jonk is om te voorkom dat hy in 'n boelie verander.

By 1.1 is die verskillende vorme van afknouery wat by skole voorkom, beskryf (fisiese, verbale, emosionele, rassistiese, seksuele, en kuberafknouery) en die tekens dat jou kind dalk 'n slagoffer van afknouery is, is uiteengesit by punt 1.1.3. Dit is belangrik om aandag te gee aan kinders wat geboelie word, maar dit is ook van kardinale belang om ondersteuning te bied aan die kinders wat self boelies is. Daarom moet ouers ook weet hoe om tekens[12] van boeliegedrag by hulle kinders raak te sien.

**'n Kind wat self 'n boelie is:**

- het vriende wat ander afknou;
- word gereeld na die hoof se kantoor gestuur, of moet bly vir detensie ná skool;
- blameer ander mense of kinders vir hul probleme;
- is behep met sy populariteit en reputasie onder leerders;
- is baie kompeterend;
- raak betrokke by fisiese of verbale bakleiery;
- word vinnig kwaad of aggressief;
- het skielik nuwe besittings of ekstra geld wat nie verduidelik kan word nie; of
- neem geen verantwoordelikheid vir sy optrede nie.

Dit is nie altyd maklik om te erken dat jou kind dalk 'n boelie is nie. As 'n ouer wil jy nie hê jou kind moet 'n boelie bly vir die res van sy lewe nie, want situasies kan vererger soos 'n kind ouer word. Dit is daarom belangrik om op te let of daar enige van die bogenoemde tekens by jou kind verskyn en om deurlopend hul gedrag te moniteer. Kinders weet dat dit verkeerd is om ander af te knou en dit is juis waarom hulle kies om dit te doen wanneer ouers nie in die omtrek is nie. Dit lei tot 'n toename in kuberafknouery, want die internet word gesien as 'n ouervrye omgewing. Omdat ouers in die duister gehou word oor wat die kinders daagliks aanvang op die internet en op hul selfone, het hulle geen beheer oor die situasie en die negatiewe gevolge wat kuberafknouery vir kinders het nie. Ouertoesig is noodsaaklik om afknouery te stop.

12. Stopbullying.gov. 2017. Warning signs for bullying. Beskikbaar by: https://www.stopbullying.gov/at-risk/warning-signs/index.html. (Toegang 12 April 2017).

Dr. Joel Harber[13], 'n kenner van afknouery en die skrywer van die boek *Bullyproof your Child for Life*, sê dat jou kind moontlik 'n boelie is wanneer hy:

- ander vriende by hul groep uitsluit;
- aanhou met onaanvaarbare en onaangename gedrag wanneer jy reeds vir hom gesê het om daarmee op te hou;
- onverdraagsaamheid en minagting toon teenoor kinders wat as anders of vreemd beskou word;
- gereeld ander kinders spot of tart;
- deurlopende aggressiewe en wrede videospeletjies speel;
- diere seermaak; of
- skinder of ander kinders seermaak.

As 'n ouer het jy 'n geweldige invloed op jou kind se lewe. Ons is almal gewone mense wat soms gedrag van afknouery toon – dit is natuurlik en beteken nie noodwendig dat ons slegte mense is nie. Dit is belangrik dat ons oop en eerlik oor ons eie gedrag moet dink en onsself dan moet vra of ons kinders ook hierdie tipe gedrag toon,

Dit is van kardinale belang dat ouers:

- onder geen omstandighede die boeliekind moet verwerp nie, maar hom juis meer liefdevol moet hanteer; en
- geensins moet huiwer om deskundige hulp te vra nie.



### 1.2.1 MY KIND IS 'N BOELIE. WAT KAN EK DAAROMTRENT DOEN?

Wanneer jou kind as 'n boelie beskou word, is dit jou plig as ouer om hom daarvan bewus te maak dat dit volkome ontoelaatbaar is. Jy kan die volgende aan jou kind vertel:

- "Jy kan nie tyd deurbring saam met kinders wat ander afknou nie."
- "Ek of 'n ander volwassene sal toesig oor jou hou. Wanneer ander kinders by ons huis kom speel, moet julle speel waar ek julle kan sien."
- "Bly weg van die kind/kinders wat jy afgeknou het."
- "Gaan direk skool toe of kom direk huis toe ná skool." (Indien moontlik, reël met ander volwassenes om jou kind by die skool af te laai of om hom by die skool te gaan haal.)
- "Wanneer jy by 'n ander kind gaan kuier, sal ek die ouer van daardie kind skakel om seker te maak dat die ouers ook by die huis is."

13. Care.com. N.d. Signs Your Child is a Bully or Being Bullied. Beskikbaar by: https://www.care.com/c/stories/3305/signs-your-child-is-a-bully-or-being-bullied/. (Toegang 24 April 2017)

### 1.2.2 HOE KAN EK MY KIND DISSIPLINEER?

- **Maak gebruik van positiewe dissipline** – Hebreërs 12:6–7 sê: "Want die Here tug hom wat Hy liefhet, Hy straf elkeen wat Hy as kind aanneem. Verdra die tug as opvoeding, want God behandel julle as Sy kinders. Is daar miskien 'n kind wat nie deur sy vader getug word nie?" Spreuke 13:24 sê weer die volgende: "Wie sy seun nie straf nie, het hom nie lief nie; as hy hom liefhet, sal hy hom straf wanneer dit nodig is." Dit is belangrik om kinders op positiewe maniere op te voed, en daar is 'n duidelike onderskeid tussen dissiplinering en mishandeling. Kinders moet deur ouers geleer word dat dit verkeerd is om aan ander kinders te slaan.
- **Gebruik prosesse van teruggee** – Wanneer jou kind 'n ander kind se besittings (soos speelgoed en klere) steel of vernietig, moet hy self rekenskap gee vir sy dade en daarvoor betaal. Jy kan jou kind klein takies in die huis laat verrig (soos om skottelgoed te was) om te betaal vir dit wat hy vernietig of gesteel het. Jy kan ook jou kind se sakgeld 'n ruk lank wegvat sodat hy kan betaal vir dit wat gesteel of beskadig is.
- ***Leer jou kind empatie en omgee*** – Kinders wat geklassifiseer word as boelies het 'n gebrek aan empatie en sukkel om 'n gevoel van omgee vir ander te wys. Dit is belangrik dat hulle geleer word hoe hul aksies en geaardheid ander kan beïnvloed. Wanneer ouers of volwassenes begin uitvra oor spesifieke situasies, begin boelies dink oor hul optredes en hoe dit ander op 'n negatiewe manier kan beïnvloed.

'n Boelie reageer eerder met dade as om te dink oor sy aksies. Ouers kan hulle kinders help om hulle gevoelens te identifiseer en om dit te beheer. Ouers moet hulle kinders aanmoedig om oor hul gevoelens, optrede en hul houdings teenoor mense te dink.

Dit sal boelies help om te leer hoe om hul gevoelens en emosies te hanteer op so 'n wyse dat ander nie seerkry in die proses nie. Om 'n boelie se geaardheid en optrede te verander, verg baie tyd en moeite, en daarom moet ouers die boompie buig terwyl hy jonk is.

Oor die algemeen skiet boelies tekort aan sosiale vaardighede. Skole, welsynsorganisasies en jeuggroepe stel gewoonlik programme saam wat kinders help met die ontwikkeling van empatie, omgee en positiewe sosiale vaardighede. Ouers kan ook met die skool se sielkundige in kontak tree indien hulle kinders afknouertekens toon as gevolg van aggressie, frustrasie of selfs depressie.



## 1.3 WAAROM EMPATIE ONDER LEERDERS BELANGRIK IS

Empatie beteken om te verstaan dat ander mense ook gevoelens het en dat daardie gevoelens ook geldig is. Dit is gedrag wat aangeleer moet word: dit is nie in 'n persoon se gene om empatie te hê nie. Carolyn Zahn-Waxler[14], 'n navorsingswetenskaplike in sielkunde en psigiatrie by die Universiteit van Wisconsin, meen dat empatie iets is wat aangeleer kan word van 'n baie jong ouderdom af, selfs in 'n mens se kinderskoene.

### 1.3.1 EMPATIE IS UITERS BELANGRIK OM SUKSES IN DIE LEWE TE BEHAAL – OP SKOOL EN IN DIE WERKSPLEK

a. ***Empatie kweek braafheid:*** 'n Onlangse studie van bykans 900 kinders tussen die ouderdomme 11 en 13 het gewys dat deelnemers wat 'n hoër vlak van empatie toon, meer geneig is om deel te neem aan selfgeldende omstandergedrag deur op te staan teen die boelie en om in die bres te tree vir 'n ander kind wat nie noodwendig in hulle portuurgroep val nie. Sosiale isolasie en uitsluiting ('n vorm van afknouery) van 'n slagoffer kan dikwels lei tot angstigheid en depressie, en kan voorkom word deur hierdie tipe braafheid.

b. ***Empatie bevorder emosionele welstand:*** Skole moet empatie identifiseer as een van die top drie verlangde uitkomste by hulle leerders en onderwysers. Dit word tans vyfde geplaas onder die nodigste werksvaardighede by die meeste besighede. Empatie skep 'n gevoel dat jy as mens met jou emosies en jou identiteit as waardig beskou word. Dit lei ook tot verskeie perspektiewe op ander, wat kinders meer tegemoetkomend maak vir die verskille tussen hulle.

c. ***Empatie dryf deurdagte probleemoplossings:*** Empatiese probleemoplossers kan hulself in ander se skoene plaas, wat dit vir hulle moontlik maak om groter, aanhoudende probleme meer doeltreffend op te los. Dit lei tot 'n vermindering van konfrontasie.

d. ***Empatie is 'n sleutelkomponent in konflikhantering/konflikoplossing:*** Kinders wat empatie toon, kan konflik voorspel en dit vinnig hanteer voordat dit aangroei tot iets skadeliks. Hulle is ook meer geneig om konflik te keer voordat dit eskaleer.

e. ***Empatie bevorder verhoudings:*** Dit vermeerder onselfsugtige gedrag en verminder enige onnodige verskille. Empatie word ook geken daaraan dat dit aggressie en afknouery in kinders verminder. Empatie maak die gevoel van omgee en konneksie moontlik en dit dra die totale gesondheid van menseverhoudings op die hart – binne gemeenskappe en die samelewing as 'n geheel. Die ontwikkeling van empatie is nie net belangrik vir die gesondheid en welstand van die individu nie, maar dit behels alles wat die samelewing laat werk – vertroue, onselfsugtigheid, liefde, samewerking en liefdadigheid.

### 1.3.2 HOE LEER ONS ANDER EMPATIE?

***Lees en speel saam:*** Die kinderboekskrywer en illustreerder Anne Dewdney sê wanneer ons 'n boek oopmaak en ons stem en verbeelding met 'n kind deel, leer daardie kind om die wêreld deur iemand anders se oë te sien. Om op te let na die liggaamstaal en gesigsuitdrukkings van die karakters, help hulle om verskillende emosies te identifiseer. Deur te gesels oor hoe daardie karakter moontlik voel, hoe dit die leser laat voel en wat gedoen kan word om die situasie te verbeter, word empatie gekweek.

14. Ebersohn, S. 2015. E2zed: Teaching Children Empathy Prevents Bullying. Beskikbaar by: http://e2zed.co.za/teaching-children-empathy-avoids-bullying/. (Toegang 1 September 2017).

## 1.4 OORSAKE VAN AFKNOUERY IN SKOLE

Skoolgeweld en afknouery kan 'n invloed op enige kind hê. Een van die vernaamste faktore wat van kinders en adolessente 'n teiken van afknouery maak, is as hulle as "anders" beskou word. Voorbeelde van andersheid is kinders wat wees gelaat word, kinders met gestremdhede, sosiale status wat met etnisiteit geassosieer word, kinders in huishoudings waar MIV/Vigs, armoede en kulturele en taalverskille voorkom, asook kinders wat aan migrasie of verplasing blootgestel word. Volgens 'n Unesco-verslag[15] is fisiese voorkoms ook 'n risiko vir kinders of adolessente om 'n teiken van afknouery te word, soos byvoorbeeld om oorgewig of selfs ondergewig te wees.

Skole is veronderstel om 'n veilige hawe vir kinders te wees waar hulle nooit hoef te vrees om op die skoolterrein of speelgronde te beweeg nie – waar niemand vir hulle wag om hul lewe te versuur nie. Selfs al is dit wel die geval, moet kinders kan huis toe gaan met 'n goeie gemoed waar hulle van die dag se drama by die skool kan vergeet. Ongelukkig werk dinge egter nie altyd uit soos 'n mens hoop nie. Met die toename in internetgebruikers kan al hoe meer kinders by hulle sosialemediarekeninge inteken en sodoende uitvind indien iemand van hulle skool iets vernederends oor hulle gepubliseer het. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die voorbeeld wat onder 1.1 genoem is, van die 14-jarige Bloemfonteinse meisie wat deur twee seuns verkrag is terwyl 'n derde seun 'n video-opname daarvan gemaak het[16]. Hierdie voorval kan as seksuele afknouery asook kuberafknouery beskou word.

Die meeste kinders besef dat boeliegedrag ander kan seermaak. Waarom sal een kind dan 'n ander kind wil boelie? Moet ouers, onderwysers en skooladministrateurs nie uitvind waarom sommige kinders dit nodig vind om ander te boelie nie? Daar is absoluut geen verskoning vir iemand om ander te teister, te martel of te verneder nie, maar die meeste boelies het onderliggende kwessies wat hulle tot hierdie tipe gedrag – boeliegedrag – dwing. Populariteit en mag kan as uiters belangrik deur boelies beskou word, en daarom laat hulle hul toorn op slagoffers los wat gesien word as leerders wat nie so "goed", "sterk" of "mooi" soos hulle is nie. Boelies sal nooit iemand konfronteer wat hulle weet teen hulle sal opstaan nie. Om die algemene oorsake van afknouery te verstaan, is dit belangrik om te weet wat die eienskappe van slagoffers van boeliegedrag is. In die meeste gevalle is slagoffers:

- ongewild/nie so populêr soos die boelie nie;
- van 'n ander ras of geloof;
- homoseksueel;
- swaksiende en dra 'n bril;
- van 'n ander sosio-ekonomiese agtergrond; of
- gestremd[17].

Hoewel boelies selfversekerd voorkom, is hulle eintlik onseker van hulleself en kan hulle ook minderwaardig teenoor ander voel. Wanneer hulle ander leerders sleg behandel, is dit 'n manier om hulle beter oor hulself te laat voel en hulle gebruik dit as 'n hanteermeganisme. Om die gevoel van mag en status te behou, moet die oortreder dan voortgaan met hierdie tipe gedrag.

### 1.4.1 VYF ALGEMENE OORSAKE VAN AFKNOUERY

1. Boelies kom uit wanfunksionele gesinne: 'n Wanfunksionele gesin waarborg geensins dat 'n kind in 'n boelie sal ontaard nie, hoewel die meeste boelies uit huise afkomstig is waar daar min of geen liefde of eerlikheid is nie. Hulle ervaar ook op 'n gereelde basis dat hulle ouers aggressief optree teenoor hul vriende, broers/susters of ander familielede.

2. Boelies moet in beheer wees: Kinders wat ander kinders rondstamp of slaan, streef daarna om populêr te wees of mag te hê. Hulle vind dit bevredigend indien ander kinders hulle aan hulle onderwerp. Hierdie tipe kinders is impulsief en hardkoppig en floreer wanneer hulle slagoffers bang is in hulle teenwoordigheid.

15. Unesco. 2017. School Violence and Bullying: Global Status Report. Parys, Frankryk: Unesco.
16. Lourens, M. 2017. Maroela Media: Hoërskoolseuns verkrag glo meisie (14) op video. Internetbron. Beskikbaar by: http://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/hoerskoolseuns-verkrag-glo-meisie-14-op-video/. (Toegang 21 Junie 2017)
17. No Bullying. 2016. Common Causes of Bullying. Beskikbaar by: https://nobullying.com/common-causes-of-bullying/. (Toegang: 4 April 2017.)

3. Boeliegedrag word beloon: Die meeste kinders doen dit nie opsetlik nie, hoewel die oortreder onbepland beloon word wanneer die slagoffer opgee, soos byvoorbeeld om hulle snoepiegeld of besittings vir die boelie te gee. Hulle word ook beloon omdat hulle meer aandag kry wanneer hulle ander boelie, en sodoende word hulle gewilder of kry hulle meer mag omdat ander kinders vir hulle bang is. Hierdie beloning, wat onbedoeld plaasvind, versterk boeliegedrag en kan die oortreder aanmoedig om ander kinders ook te boelie.

4. Boelies neem nie ander se gevoelens in ag nie: Sommige kinders het min of geen empatie nie (sien weer 1.3), of hulle vind vreugde daarin om te sien hoe ander kinders ly. Wanneer hulle iemand seermaak, weet hulle geensins wat die slagoffer of die ander kinders om hulle voel nie. Soms kan die oortreder selfs plesier daarin vind om 'n ander kind seer te maak. Die reaksie van die slagoffer kan die boelie 'n gevoel van vervulling gee en daarom sal hy aanhou met hierdie tipe gedrag.

5. Boelies kan nie hulle emosies reguleer nie: Wanneer kinders geïrriteerd of kwaad raak, kan hulle hulself gewoonlik stop om dinge te doen wat ander kinders kan seermaak. Maar wanneer kinders nie die vermoë het om hulle emosies te reguleer nie, kan klein struikelblokke of irritasies veroorsaak dat hulle oorreageer en dan heeltemal beheer oor 'n situasie verloor. 'n Voorbeeld hiervan is wanneer 'n kind onskuldig in die gange van die skool loop en dan per ongeluk teen 'n boelie vasloop. Selfs al vra die kind om verskoning, kan die boelie sy humeur verloor en die ander kind slaan[18].

Afknouery in skole is tans 'n groot probleem en iets wat deel van die samelewing sal bly indien ouers, onderwysers en ander rolspelers nie die oorsake van boeliegedrag identifiseer nie. Met die korrekte hulpbronne en leiding kan kinders die regte hulpmiddele (sien 1.5) ontvang wat hulle benodig om konflik te hanteer, in stede daarvan om dit te hanteer deur ander te boelie.

## 1.5 SEWE VAARDIGHEDE WAT KINDERS MOET AANLEER OM TEEN BOELIES OP TE STAAN

In die laaste tyd skenk die media baie aandag aan die probleem van kinders wat mekaar boelie, nie net in Suid-Afrika nie, maar regoor die wêreld. Die publiek is bewus van wat die meeste ouers en skole reeds weet enbeleef: kinders kan brutaal en wreed wees. Bekendes en mense in professionele beroepe was gewillig om voor die kameras te sê dat alle vorme van afknouery en boeliegedrag tot 'n einde moet kom – en hulle is reg! Die vraag is: hoe sal ons dit tot 'n einde bring?

Hoewel skoolbeleide fokus op geen-toleransie van boeliegedrag, en daar kriminele vervolging is van uiterste gevalle van boeliegedrag, bly die beste verdediging teen boelies steeds om proaktief en ferm op te tree. Dit beteken glad nie dat die slagoffers van boelies moet saamspan om wraak te neem op die boelie nie. Ouers word eerder aangemoedig om hulle kinders met spesifieke vermoëns toe te rus wat hulle sal help om op te staan vir hulleself en om die boelies in hulle spore te stop. Met ander woorde: die wêreld gaan nie noodwendig vir ons kinders verander nie, maar ons kinders kan hulle eie wêreld verander deur 'n stel vermoëns te ontwikkel wat die afknouery nie meer die moeite werd maak vir die boelie nie.

### VERMOË 1: STAAN SAAM

**Boelies gaan te werk deur hulle slagoffers alleen en magteloos te laat voel. Kinders kan hulle mag herwin wanneer hulle met vriende en ondersteunende volwassenes saamstaan.**

### VERMOË 2: SKEP BEWUSTHEID

Soms voel kinders dat volwassenes nooit iets doen nie, en dat dit tydmors is om hulle enigsins te probeer vertel van voorvalle van afknouery. Daar is wel gevalle waar volwassenes die erns van 'n saak miskyk, maar dit is meer dikwels die geval dat volwassenes nie bewus is van wat aangaan nie. Boelies gebruik verhoudingsaggressie om hulle mag op 'n subtiele en sosiaal aanvaarbare manier uit te oefen, met die gevolg dat volwassenes dikwels nie die situasie raaksien nie. Leer die kind dat dit sy verantwoordelikheid is om bewustheid te skep. Wees duidelik met die kind dat daar niks daarmee fout is om vir 'n volwassene te vertel as hy geboelie word nie en dat dit nie lafhartig van hom is nie, maar eerder 'n dapper en kragtige stap in die regte rigting.

18. No Bullying. 2016. Common Causes of Bullying. Beskikbaar by: https://nobullying.com/common-causes-of-bullying/. (Toegang: 4 April 2017.)

## VERMOË 3: HERDEFINIEER SKINDERSTORIES/KLIKBEK

'n Dogtertjie gaan byvoorbeeld na haar ma toe en vertel dat sy bekommerd is dat sy as 'n klikbek gebrandmerk sal word indien sy die busbestuurder vertel dat 'n seuntjie op haar gespoeg het. Dit is partykeer presies wat die boelie wil hê ons moet dink, want isolasie is 'n boelie se metode van intimidasie. Om 'n volwassene te vertel kan in werklikheid die magsbalans en dinamiek tussen kinders balanseer. Wanneer 'n boelie besef dat hy nie meer sy slagoffer geïsoleerd kan hou nie, verloor hy onmiddellik sy mag en krag.

## VERMOË 4: TREE VINNIG OP

Hoe langer 'n boelie mag het oor 'n slagoffer, hoe sterker word sy houvas. Somtyds begin afknouery op 'n relatief ligte manier, soos byvoorbeeld om iemand name te noem of te etiketteer, of met geringe fisiese aggressie. Nadat die boelie die situasie getoets het en vasgestel het dat die slagoffer nie vir 'n volwassene daarvan sal vertel nie en nie sal opstaan vir sy regte nie, word die aggressie erger. Leer kinders dat die beste manier om teen boelies op te staan, is om mag te kry en dit te behou – eerder te vroeg as te laat.

## VERMOË 5: REAGEER SELFGELDEND/ MET SELFVERTROUE

Hoe meer 'n boelie dink dat hy op 'n slagoffer kan pik sonder enige nagevolge, hoe meer sal hy dit doen. Dit is hoekom 'n selfgeldende reaksie so doeltreffend is wanneer die boelie teengestaan word. Kinders wat selfgeldend en met selfvertroue optree, gebruik met gemak die middeweg tussen aggressiewe reaksie (wat weer 'n reaksie van afknouery ontlok) en passiewe reaksie (wat voortgesette afknouery in die toekoms ontlok).



## VERMOË 6: GEBRUIK EENVOUDIGE, ONEMOSIONELE TAAL

Kinders met selfvertroue gebruik eenvoudige, onemosionele, direkte taal wat dit duidelik vir die boelies maak dat hulle nie slagoffers sal word nie. 'n Kind moet geleer word om reaksies te gebruik wat onemosioneel is, want reaksies wat wys dat die kind baie maklik emosioneel gemaak kan word, is vir boelies 'n aanmoediging om hulle mag oor daardie kind uit te oefen. Deur kinders aan te moedig om sonder woede, aggressie of vrees te reageer, leer jy hulle om selfvertroue te weerspieël. Op sy beurt sal die boelie dan besef dat hy nie regtig die potensiaal het om die kind te beheer nie.

## VERMOË 7: GEBRUIK LIGGAAMSTAAL OM WOORDE TE VERSTERK

Wanneer kinders geleer word om met selfvertroue te kommunikeer, is dit goed om hulle ook liggaamstaal te leer wat hulle woorde versterk. Leer kinders om eenvoudige, nieverbale selfvertrouestrategieë te gebruik om die boelie te laat verstaan dat die kind bedoel wat hy sê, byvoorbeeld:

- Behou oogkontak
- Hou jou stem kalm en dieselfde
- Staan die regte afstand van die boelie af
- Gebruik die boelie se naam wanneer jy met hom praat

Leer kinders dat emosionele nieverbale taal – soos om weg te kyk, om jou stem te verhef, of om terug te tree – dit vir die boelie duidelik maak dat hy jou in sy mag het[19].

19. Signe Whitson L.S.W. Signe Whitson L.S.W. 2011. Passive Aggressive Diaries. Available at: https://www.psychologytoday.com/blog/passive-aggressive-diaries/201110/7-skills-teaching-your-child-stand-bullies. (Accessed 13 September 2017).

## 1.6 GEDEELDE LEIERSKAP – MOONTLIKE OPLOSSING VIR AFKNOUERY IN SKOLE

Die burgerregte-organisasie AfriForum kondig met trots hulle teenboelieveldtog aan, wat daarop fokus om skole as 'n geheel in te lig oor die voorkoms van boelies en afknouery, asook hoe leerders, ouers, voogde en onderwysers kan saamwerk om afknouery in skole hok te slaan. Die veldtog sluit praatjies met leerders, inligtingsessies met ouers en werkswinkels vir onderwysers in.

Die teenboelieveldtog ondersteun en onderskryf die vernuwing van 'n gesonde en veilige skoolklimaat en omgewing as 'n strategie om boelies en ander tipes skoolgeweld te voorkom. Die veldtog fokus ook op langtermynoplossings, soos die vermindering van skooldruipelinge, asook om die skoolkonteks in geheel te verbeter en leerders te bemagtig om op akademiese en ander gebiede te presteer.

'n Positiewe skoolklimaat lei tot 'n verbetering in leerderprestasies en skep ook by leerders 'n gevoel dat hulle iewers hoort. Leerders het 'n behoefte aan doeltreffende en bekostigbare maniere om hul skoolprestasies 'n hupstoot te gee. Belangrike faktore in 'n positiewe skoolklimaat kan ook beduidende elemente van akademiese leerprosesse wees, soos onder meer bemagtiging, betrokkenheid, motivering, en selfdoeltreffendheid. 'n Positiewe skoolklimaat oor die lang termyn waarby leerders en onderwysers sowel as ouers betrek word, is noodsaaklik om leerderprestasies in 'n produktiewe en veilige akademiese omgewing te verseker.

Skole moet ook gedeelde leierskap aanmoedig, ondersteun en beloon om billike, hoëstandaard- en innemende skoolklimate as norm vir Suid-Afrikaanse skole te bewerkstellig.

Gedeelde leierskap behels dat onderwysers, ouers, voogde en leerders saamwerk om probleme op te los. Dit is vanselfsprekend dat leerderonderrig versnel word wanneer daar saamgewerk word en 'n innemende skoolklimaat geskep word. Waar gedeelde leierskap bestaan – dit wil sê waar jongmense (leerders) en volwassenes (onderwysers en ouers of voogde) saamwerk – bestaan daar 'n leerdergefokusde skool. Gedeelde leierskap beteken dat 'n skuif gemaak word van die formele leierskapsmodel na 'n gedeeldeleierskapsmodel wat gedeelde mag en besluitneming tussen leerders, ouers, voogde en onderwysers behels wanneer boeliekwessies kop uitsteek. In plaas daarvan dat 'n enkele persoon leiding neem om sukses te behaal, word ander individue wat vennote of groeplede is, ook uitgenooi om die medeverantwoordelikheid te neem vir leierskap en die ontwikkeling van 'n positiewe skoolklimaat deel.

'n Skoolhoof moet nooit in afsondering werk nie. Suksesvolle skole vereis die beduidende betrokkenheid van persone – wat dit dan as 't ware 'n gemeenskap maak. Roland Barth, skrywer van die boek *Improving Schools from Within*, meen dat onderwysers ongelooflike leierskapvermoëns het en dat hul leierskap ook 'n groot onontginde hulpbron is waarmee die land se skole verbeter kan word. Wanneer onderwysers by besluitnemingsprosesse ingesluit word, is hulle meer geneig om verandering te implementeer en word die instandhouding daarvan met getroudheid uitgevoer. Wanneer onderwysers, leerders en ouers of voogde byvoorbeeld by besluitneming betrek word oor wat die gedragsverwagtinge en ingrypings in die skool moet wees en saamwerk om afknouery hok te slaan, is hulle meer bereid om te verseker dat dit doeltreffend en gereeld in sowel die klaskamers as op die skoolterrein en speelgronde uitgevoer word.

Dit is juis leerders wat gewillig en in staat is om in die rykdom van kennis en vaardighede te deel, wat 'n bydrae kan lewer om 'n innemende, veilige en boelievrye skoolklimaat te ontwikkel. Die skool word sodoende 'n plek waar leerders hul kennis verder kan uitbrei omdat hulle meer deel is van **besluitnemingsprosesse** en meer verbind is met die volwassenes in die skool – die onderwysers. Onderwysers tree in samewerking met die leerders op en skep op dié wyse 'n gevoel van aanvaarding omdat verantwoordelikhede nou gedeel word; inklusiwiteit kan daarom gesien word as die ideale visie wat verseker dat almal betrokke is. Gedeelde leierskap is gebaseer op die aanvaarding dat nie net een persoon in 'n formele leierskapsposisie oor leierskapsvermoëns beskik nie, maar dat die stil en teruggetrokke leerder, onderwyser, ouer en voog ook deel vorm van dié leierskap, juis omdat elkeen uniek is en met goeie idees vorendag kan kom – 'n leerder kan byvoorbeeld met 'n plan vorendag kom om afknouery op die skoolterrein aan te spreek; of 'n spanlid kan aktiwiteite ontwikkel en seker maak dat ander leerders betrokke is en gewaardeer word. Die skoolhoof koester en kapitaliseer op die leierskap van elkeen in die skoolgemeenskap met die doel om hulle as 'n span beter te maak eerder as om net op 'n enkele persoon te fokus.

Die volgende vyf strategieë[20] bring gedeelde leierskap in skole en die instandhouding daarvan mee. Sommige uitdagings wat moontlik deur skoolleiers, onderwysers, leerders en gemeenskapslede in die gesamentlike ontwikkeling van 'n positiewe skoolklimaat ondervind kan word, word uitgelig.

20. Hughes, W. and Pickeral, T. 2013. School Climate and Shared Leadership. National School Climate Center (NSCC). Internetbron. Beskikbaar by: https://www.schoolclimate.org/publications/documents/sc-brief-leadership.pdf. (Toegang 4 April 2017).

## 1. DINK VENNOOTSKAP

Balans van mag is die fondasie waarop gedeelde leierskap gebou word. Gedeelde leierskap is 'n vennootskap waar onderwysers, ouers, voogde en leerders as gelyke vennote beskou word. Die ontwikkeling van dié magsbalans is heel moontlik een van die moeilikste aspekte in gedeelde leierskap. Doeltreffende skoolleiers weet dit en stel duidelike grense sodat die gesag van die leiers eg is en sodat alle lede van die groep bemagtig word; en om te verseker dat dít wat ontwikkel of besluit is in die skool, uitgevoer word. Hulle begin 'n positiewe skoolkultuur deur woorde, aksies en geloof; en deur die regte verhouding tussen administrateurs en die skoolpersoneel te handhaaf.

## 2. VERSEKER GESAMENTLIKE MIKPUNTE

Gedeelde leierskap vereis gesamentlike mikpunte – in dié geval om afknouery in skole hok te slaan. Elke lid van die skoolgemeenskap moet ten spyte van hul eie uiteenlopende opinies verstaan dat die prys aan die einde gaan wees om afknouery in skole uit te roei sodat skole 'n veilige hawe vir leerders kan wees: dus die vestiging van 'n positiewe skoolklimaat. Hoewel onderwysers, ouers, voogde en leerders verskillende strategieë gebruik om tot dié skoolklimaat by te dra, lei dié uiteenlopende paaie danksy gedeelde leierskap tot 'n gesamentlike mikpunt en fokus. Daar kan selfs méér bereik word as onderwysbelanghebbendes soos AfriForum saamwerk om 'n gedeelde doel te bereik. AfriForum sal skole met die teenboelieveldtog help om hulle doel te bereik, naamlik om afknouery in skole hok te slaan.

## 3. VERBIND JOU TOT GEDEELDE VERANTWOORDELIKHEDE

Gedeelde leierskap werk wanneer alle deelnemers (ouers, voogde, onderwysers en leerders) verantwoordelikhede deel en saam daarvoor aanspreeklik gehou word. Elke persoon in die vennootskap moet 'n aktiewe rol speel en onderneem om hul individuele verantwoordelikhede doeltreffend na te kom. Onderwysers, leerders, ouers en voogde moet bemagtig word om saam te werk vir 'n gemeenskaplike doelwit wat hulle bewus maak van hul verantwoordelikhede en die belangrike rol wat elkeen van hulle speel in die doel om die skool 'n veilige en gesonde hawe vir alle leerders te maak. Gedeelde leierskap behels moedgedrewe leiers wat bereid is om aan 'n gesonde en veilige skoolklimaat te bou.

## 4. BOU AAN RESPEK EN VERANTWOORDELIKHEID

Gedeelde leierskap beteken om respek en verantwoordelikheid te toon om verskillende nuwe idees en strategieë te oorweeg. Elke persoon in die skool bring hulle ervarings, vermoëns en idees wat waardevol is om saam 'n skoolklimaat te skep waar almal deel van die skoolgemeenskap voel. Die verskille tussen persone in die skool moet erken en ook gekoester word, want elkeen is uniek. Samewerking en 'n netwerk wat gekoppel is aan respek en gedeelde leierskap bou 'n sterk, samehangende span wat goed kan saamwerk om 'n doel te bereik.

## 5. RESPEKTEER PASSIEVOLLE LEIERS MET RUGGRAAT

Onderwysers, ouers, voogde, leerders en skoolhoofde – en spesifiek dié wat in gedeelde leierskap glo – moet ruggraat toon as hulle elke dag sonder vrees aanpak. Gedeelde leierskap behels mense met goeie moed en die vermoë om probleme op te los. Hoewel dit belangrik is om van innerlike krag te leer en om karaktereienskappe soveel moontlik te waardeer, bly leerders se akademiese vermoë steeds die sleutel. Optimisme, aanpasbaarheid en volharding – onder ander niekognitiewe eienskappe – is net so belangrik vir akademiese sukses, of in die geval van gedeelde leierskap waar leerders en volwassenes moeilike situasies soos armoede, afknouery of 'n tekort aan sterk kognitiewe vaardighede in die gesig staar. Gedeelde leierskap verwag morele en prestasiekarakter van elkeen wat betrokke is. Morele karakter behels etiese eienskappe soos vrygewigheid, kuisheid en eerlikheid. Prestasiekarakter verwys na eienskappe wat persoonlike doeltreffendheid verbeter, byvoorbeeld selfbeheersing, passie, ruggraat, optimisme en volharding. Wanneer mense ruggraat het, word daar verseker dat gedeelde leierskap gepaard gaan met gees en lewenskragtigheid. In so 'n situasie word die jeug en volwassenes sowel as die verhouding tussen die twee groepe geweef in 'n skoolklimaat wat leerders na die skool toe aantrek in plaas daarvan om hulle weg te stoot. Gedeelde leierskap gee aan hulle die krag, leierskapsvermoëns en geloof wat saamwerk om die teëspoed te kan hanteer wat almal partykeer in die gesig moet staar.


## 1.7 AFRIFORUM SE TEENBOELIEVELDTOG – LAERSKOLE WORD BEMAGTIG

Die burgerregte-organisasie AfriForum lê besoek af by laerskole om ʻn verskil te maak en om op só ʻn manier skole te bemagtig. Die doel is om die teenboelieveldtog amptelik by laerskole te loods, om afknouery daardeur in skole hok te slaan. AfriForum het net positiewe terugvoer van skole ontvang by wie hulle reeds besoek afgelê het – van sowel leerders en ouers as onderwysers – en is opgewonde om hierdie veldtog verder uit te brei.


Die teenboelieveldtog sluit praatjies met leerders, ʻn inligtingsessie vir ouers en ʻn werkswinkel vir onderwysers in. Dit is belangrik om al drie partye by die teenboelieveldtog te betrek sodat gedeelde leierskap tussen leerders, ouers en onderwysers gevorm kan word en hulle mekaar kan bemagtig om werklik ʻn verskil te maak.

Die teenboelieveldtog het sy eie kenteken met die naam Matteus (sien onder Deel 3), juis omdat daar in Matteus 7:12 geskryf staan dat ons ander mense moet behandel soos ons graag behandel wil word. Matteus dra die volle wapenrusting van God (sien Deel 3) en leer kinders om ook elke dag hul eie wapenrusting "aan te trek" sodat hulle nie net teen die boelies beskerm word nie, maar ook sodat die wapenrusting hulle sal beskerm om nie ander kinders te boelie nie. Dit is die enigste manier hoe ons die boeliereus kan beveg!

## DIE VOLLE WAPENRUSTING VAN GOD (EFESIËRS 6:11-18)




- **Waarheid as gordel:** Help ons om nie te jok nie maar om alles met waarheid te doen.



- **Skild van geloof:** Help ons om nie te twyfel nie en om in die getrouheid van God se Woord te glo.





- **Borsharnas van geregtigheid:** Beskerm ons harte teen beskuldigings en aanvalle.



- **Helm van verlossing:** Om ons denke te bewaar, want sonde begin by ons denke – die helm help ons om tussen goed en kwaad te kan onderskei.



- **Skoene van vrede:** Om oor gevaarlike struikelblokke te kan loop en die boodskap van Jesus aan ander oor te dra.



- **Swaard van die Gees:** Die Woord van God (die Bybel) beskerm ons teen die vyand, maar genees ook wonde.

Die kinders word ook geleer dat daar 'n **groot verskil is tussen eenmalige konflik en boeliery/afknouery**. Dis belangrik om dié verskil te verstaan, want nie elke konfliksituasie is 'n boeliesituasie nie. 'n Boelie is iemand wat ander op 'n aanhoudende wyse seermaak, tart, spot of uitsluit; maar eenmalige konflik is iets wat net een keer gebeur en nie sommer weer nie. 'n **Bietjie konflik is ook nou en dan nodig** want kinders moet leer dat elkeen uniek en verskillend is en dat ons nie ons hele lewe lank met almal gaan saamstem nie. Ons moet daarom besef dat ons konflik op 'n goeie manier moet hanteer. Boelie is 'n gans ander situasie, want om te boelie beteken om 'n ander persoon oor en oor seer te maak of sleg te sê sodat daardie persoon al in vrees begin leef, óf dit wat die boelie vir hom sê, begin glo, soos byvoorbeeld "Jy is dom".

Die onderwysers en ouers luister na praatjies van gepaste sprekers waar hulle self meer leer oor afknouery en waardes, en waar almal uniek is.

Dit is belangrik dat skole 'n **boelieraad** aanstel sodat dié probleem dieper ondersoek kan word. Die boelieraad van skole kan bymekaar kom en hulle leierskap op interessante maniere uitoefen, bv. om 'n toneel vir hulle skool op te voer wat die vier hoofvorme van afknouery uitbeeld, naamlik emosionele, verbale, fisiese en kuberafknouery. Hulle kan ook oplossings vir elke situasie bied: Soms is die boelie die vredemaker; ander kere is een van die omstanders die een wat 'n oplossing vir die situasie bied. Daar kan ook 'n poppekas vir die jonger kinders opgevoer word wat afknouery sowel as 'n gepaste oplossing uitbeeld.

AfriForum wil saam met skole 'n pad stap om afknouery in skole te beveg en wil die skool as geheel (leerders, onderwysers, ouers en voogde) by die teenboelieveldtog betrek sodat ons mekaar kan bemagtig om 'n verskil in die samelewing te maak. Indien jou kind se skool by die teenboelieveldtog betrokke wil raak, stuur vir ons 'n e-pos na **boelie@afriforum.co.za**.



## 1.8 BOELIES, BLY WEG, WANT ONS HET DIE REG

DEUR DANIEL ELOFF (HURTER SPIES)

Die definisie van afknouery is reeds in deel 1.1.1 bespreek. Hierdie definisie strook egter met die wetlike definisie van teistering soos uiteengesit in artikel 1(1) van die Wet op die Beskerming teen Teistering, 2011 (wet no. 17 van 2011). Beide definisies sluit in dat 'n oortreder negatief optree met die doel om skade of leed te veroorsaak of die vrees van skade of leed te skep. Teen hierdie agtergrond kan ons kyk wat die reg sê oor afknouery en hoe die reg jou teen afknouery beskerm.

### 1.8.1 DIE GRONDWET

In Suid-Afrika is die Grondwet oppermagtig en alle wetgewing en gedrag wat teen die beginsels van die Grondwet is, het geen mag nie[21]. Afknouery word dus teen die beginsels van die Grondwet gemeet.

Die eerste grondwetlike reg wat van belang is, is die reg tot menswaardigheid. Artikel 10 van die Grondwet bepaal dat elkeen die reg het tot menswaardigheid

21. Currie, I. & De Waal, J. (2013). *The Bill of Rights Handbook*. Sesde uitgawe. Pretoria: Juta.

en dat dit beskerm en gerespekteer moet word. Menswaardigheid is 'n kernwaarde van ons Grondwet en vorm die grondslag vir talle ander grondwetlike regte. Slagoffers van afknouery word onregmatig van hul menswaardigheid ontneem.

Verder het elkeen ingevolge artikel 12 van die Grondwet die reg tot vryheid en veiligheid. Elke persoon het die reg om vry te wees van enige geweld en om nie wreedagtig, afbrekend of onmenswaardig deur ander hanteer te word nie. Hierdie gedeelte van die Grondwet spreek direk en outomaties teen afknouery. Artikel 12 beskerm nie net bloot elkeen se liggaamlike integriteit nie, maar ook elkeen se sielkundige en emosionele welstand. Elkeen het die reg om veilig te wees teen fisiese en emosionele geweld en dus teen enige afknouery – ongeag waar, hoe en wanneer dit geskied.

Artikel 28 van die Grondwet beskerm spesifiek minderjariges en hul regte. In besonder beskerm artikel 28(1)(d) minderjariges teen mishandeling. Hierdie reg is egter van toepassing tussen die staat en minderjariges en ook tussen persone self. Minderjariges moet volgens ons Grondwet teen mishandeling in die vorm van afknouery beskerm word. Artikel 28(2) stel verder dat die beste belang van die minderjarige deurslaggewend is in elke aangeleentheid wat die minderjarige raak. Hierdeur word minderjariges verder deur die Grondwet teen afknouery beskerm. Dit bly in die beste belang van elke minderjarige om sonder afknouery te leef.

Laastens het elke minderjarige 'n grondwetlike reg tot onderwys ingevolge artikel 29. Afknouery by skole raak direk 'n minderjarige se skoolervaring en kan 'n groot invloed op hul akademiese lewe hê. Afknouery maak inbraak op hierdie reg vir ons kinders om sonder vrees skool te gaan.

Holisties gesproke beskerm die Grondwet jou op verskeie wyses teen afknouery. Die slagoffers van afknouery het altyd die Grondwet aan hul kant.

### 1.8.2 DIE KINDERWET, 2005 (WET NO. 38 VAN 2005)

Die Kinderwet bevestig in artikel 9 dat die beste belang van die minderjarige deurslaggewend is in elke aangeleentheid wat die minderjarige raak. Dus moet daar in enige situasie bepaal word of dit in die minderjarige se beste belang is.

Verder verseker artikel 14 van die Wet dat minderjariges toegang het om 'n hof te nader om regshulp te verkry. Hierdie toegang moet aan die minderjarige voorsien word en hulp moet aan minderjariges verleen word sodat hulle toegang kan verkry. Minderjariges wat afgeknou word, kan dus 'n saak teen boelies maak en hierdie saak hof toe neem.

Die Kinderwet stel in artikel 18(1) en 18(2) baie belangrik wat ouerlike verantwoordelikhede en regte teenoor minderjariges is en behels. Hierdie bepalings plaas 'n verpligting op ouers en voogde van minderjariges om die minderjarige teen afknouery te beskerm. Die Kinderwet definieer die ouerlike verantwoordelikheid van sorg in 'n breë konteks en sluit gevolglik alle belangrike aspekte in wat die sorg van 'n minderjarige betref.

Alhoewel die Kinderwet nie uitdruklik teen afknouery beskerm nie, beskerm die beginsels en waardes van die wetgewing minderjariges wat slagoffers van afknouery is.

### 1.8.3 DIE SKOLEWET, 1996 (WET NO. 84 VAN 1996)

Die Skolewet spreek nie afknouery direk aan nie, maar gee riglyne vir die opstel van gedragskodes vir elke skool. Hierdie gedragskodes word hoofsaaklik gebruik om afknouery hok te slaan. Artikel 8 van die Wet stel dat gedragskodes veilige en gedissiplineerde omgewings vir alle leerders moet skep. Dus moet 'n omgewing sonder afknouery geskep word. Riglyne bepaal ook verder dat 'n gedragskode teen geweld leerders moet beskerm en hul veiligheid moet verseker.

### 1.8.4 WET OP DIE BESKERMING TEEN TEISTERING, 2010 (WET NO. 17 VAN 2010)

Dié Wet verskaf sivieleregsremedies vir die slagoffers van teistering. Ingevolge die Wet kan minderjariges 'n beskermingsbevel teen boelies kry. Hierdie aansoek kan gebring word deur enige persoon wat 'n belang in die saak het. So 'n bevel sal die boelies verhoed om enige verdere afknouery te pleeg en kan ook skade teen die boelies laat eis. Die hof sal in die bevel stappe neem om te verseker dat geen verdere afknouery plaasvind nie.

Hierdie stuk wetgewing is 'n sterk wapen in die stryd teen afknouery. Dit verskaf werklike en doeltreffende remedies teen afknouery en stel slagoffers in staat om afknouery teen te werk.

### 1.8.5 SLOT

Ten slotte is dit belangrik om altyd te onthou dat, indien afknouery plaasvind, daar altyd regsremedies tot slagoffers se beskikking is. Die belangrikste om te onthou is dat jy nie die reg in eie hande mag neem nie, en dat die reg altyd aan die slagoffer se kant is as die korrekte stappe geneem word. Afknouery is eenvoudig nie ingevolge ons reg toelaatbaar nie. Die reg is aan ons kant.



# Ivan Botha

## WIE IS JY? WAT IS JOU NAAM?

*As ek sê "Teletubbies," waaraan dink jy? Tinky-Winky, Dipsy, Laa Laa of Po? Of dink jy aan oorgewig pers, rooi, geel en groen gedoentes van 'n vreemde planeet?*

*As ek sê 'Teletubby, dan dink ek aan 'n bynaam wat ek ontvang het in graad 8 toe ek deur 'n oorgewigstadium gegaan het in my eerste jaar van hoërskool – wat vir my soos 'n vreemde planeet gevoel het. Ek het geglo dit was nog babavet waarvan ek nog nie ontslae geraak het nie, maar as ek terugkyk, besef ek die Milo milkshakes skool het nie gehelp nie. Ek het 'n goeie sin vir humor gehad en kon gelukkig saam grap as iemand my Teletubby genoem het, maar tog het dit seer gemaak. Seer genoeg om my skaam te maak om my hemp uit te trek voor vriende. 'n Naam wat gegee was vir my. 'n Naam wat ek toegelaat het om my identiteit te word. 'n Naam wat veroorsaak het dat ek teruggehou het om net myself te wees.*

*Ek het eendag op 'n punt gekom waar ek almal wou wys ek is nie 'n Teletubby nie, en toe het ek begin fietsry. Na maande se oefen het ek na die Desembervakansie rietskraal terug gekom. Die naam moet mos nou saam met die vet verdwyn, of hoe? Toe nie. Teletubby het toe verander na Maer-Teletubby. Ek het net daar en dan besluit om dit nie verder krag te gee nie. Ek sou nie toelaat dat 'n naam my identiteit, geluk en toekoms bepaal nie.*

*Ek wil jou vandag bewus maak dat net jy die mag het om iemand anders se woorde krag te gee – net jy kan dit toelaat. Wat ook al daai naam mag wees wat boelies jou gee, net jy bepaal of dit iets van jou gaan steel of nie.*

*Wie is ek? Wat is my naam? Ek is uniek, ek is hier met 'n doel, ek is hier om 'n verskil te maak, ek is hier om myself te wees,* ***ek is Ivan.***

## VANDAG WIL EK JOU VIER!!

*Vandag wil ek JOU raaksien vir die wonderlike unieke jy wat jy is ... ek was eens op 'n tyd ook presies waar jy nou is. Vir 'n groot deel van my 'grootwordjare' was ek lank en maer en uit proporsie, ek het krulhare gehad wat ek probeer tem het deur 'n borsel daardeur te trek (dié van julle wat krulhare ken, sal weet dat sodra jy 'n borsel daardeur probeer trek, dit onmiddellik 'ontplof' en jou laat lyk of jy met fluffy spookasem op jou kop rondloop!) en ek het baktande gehad. Nie cute-sy-sal-in-haar-tande-ingroei-baktande nie ... BAK-vreet-'n-appel-deur-'n-tennisraket-tande!! Nou ja, natuurlik was dit die perfekte resep vir enige iemand om deur te loop. Ek was name genoem, daagliks moes ek vaskyk in hoe kinders my tande met die aakligste gesigte probeer na maak, en hulle dan doodlag vir mekaar terwyl daar na my vinger gewys word, ek moes selfs hoor hoe kinders nie my maatjie wou wees nie omdat ek snaakse tande het.*

*Ná jare se draadjies, 'n mond vol rekkies en 'n shocking pienk kopstuk (kan jy dink hoe my hare onder daai ding moes gelyk het ... hehe) het ek steeds altyd met my hand voor my mond gelag. Dit was eers later op universiteit, toe ek met jool 'n fondsinsamelingsprojek gestuur het vir twee kindertjies wat met gesplete verhemeltes gebore is – 'n geboortedefek wat dit onmoontlik vir hulle gemaak het om te kon glimlag – dat ek besef het watse absolute voorreg dit is om net te kan glimlag, om onbeskaamd uit jou maag uit hardop te kan lag sonder om agter jou hand weg te kruip.*



Foto: Centurion Rekord

# Donnalee Roberts

*Ek besef vandag dat net soos wat ek agter my hand weggekruip het elke keer wat ek geglimlag het, dat daardie boelies ook agter 'n muur van hulle eie seer weggekruip het en hulle eie tekortkominge geprojekteer het. Om iemand klein te laat voel, het hulle groot en braaf laat voel, terwyl dit eintlik die grootste teken van swakheid is. Die waarheid is dat om op te staan teen 'n boelie, of om vir iemand op te staan wat geboelie word, is wat jou die braafste braaf maak. Om iemand waardig te laat voel – maak nie saak hoe 'anders' hulle lyk of is nie – is wat van jou 'n mens gaan maak wat die hoogste hoogtes gaan bereik!! Ek besef dit maak nie daar waar jy nou in jou lewe is, die seer en ongelukkigheid beter nie, maar mooi unieke mens – NET JY kan bepaal hoeveel krag jy daardie boelie gaan gee. Jy kies jou eie identiteit en daardeur word jy magtiger as wat enige naam jou ooit kan definieer!! Jou neus en ore en tande en hare en lyf is 100% uniek, 1000% JY ... Elke liewe deeltjie van wie jy is, is so perfek en uniek deur God se hande beplan en gemaak.*

*Ek is oortuig daarvan dat as ons mekaar net werklik kan begin sien, die wêreld 'n beter plek sou wees. 'n Veiliger plek om net eerlik en weerloos in te kan wees, om onsself in te kan ontdek. As ons mekaar net kan sien – mekaar se seer, mekaar se moeilik, mekaar se onsekerhede en, belangriker nog, mekaar se mooi net werklik kan sien en waardeer; as ons met ons harte kan kyk en nie agter mure net ons eie seer en tekortkominge sal projekteer en reflekteer nie EN ook nie sal toelaat dat ander se opinie meer krag kry as wat dit verdien nie – sal die wêreld 'n plek word waar daar werklik 'n unieke spasie vir ons almal is!!*


*So, gee daai kompliment, gee dit elke keer wat jy dit dink want 'n kompliment word tog immers gebore om gegee te word, dit behoort nie aan jou nie – gee dit; gee dit met oorgawe en bedoel dit. Jy hoef nie baie te hê om baie te gee nie. Jy gee met elke opregte glimlag. Sien die mense om jou raak, maak oogkontak en glimlag. Om iemand goed genoeg te laat voel en mooi en gewaardeer te laat voel, om vir iemand jou tyd te gee en werklik te luister na die antwoord wanneer jy vra hoe dit gaan, is van die kosbaarste geskenke wat jy ooit sal kan gee.*

*Ek lig vandag my (halfVOL) glas en sê nee, hou op om op al die verkeerde plekke te soek – alles wat ons nodig het om alles te oorkom en alles te wees wat ons gemaak is om te wees, is reeds daar, binne-in ons: dit wag net om ontdek te word!!*

*Vandag vier ek JOU!!*

*So CHEERS!! Cheers op JOU, cheers op volkome, vreeslose, pretensielose, sonder-enige-oordeel unieke JY-wees!! Mag ons mekaar waardeer en opbou ... En mag ons mekaar altyd sien – werklik sien.*

**Al my liefde, Donnalee**





# Chris Chameleon

## MET AL DIE BOELIESTORIES WAT DIE AFGELOPE PAAR JAAR DIE RONDTE GEDOEN HET, ASOOK SEKERE BOELIEVIDEO'S WAT OOR DIE INTERNET VERSPREI HET, STREK JOU GEDAGTES SEKER BAIE VER TERUG?

*Ja, beslis. Dit vat my ver terug na my eie hoërskooldae in die 1980's. Ek kan myself vereenselwig met die kinders wat vandag geboelie word, want ek ken hulle lot alte goed. Boelie is iets wat kom en gaan, maar daar is altyd daardie een boelie wat 'n loopbaan daarvan maak om jou te treiter. Dit hoef nie noodwendig die boelie van die skool te wees nie – soms is dit net een of ander kind wat 'n gly in jou vang en besluit dat jy sy teiken is. Soms kan dit vir jare lank aanhou.*

## WIE WAS JOU BOELIE?

*My boelie se naam was Pieter. Hy was nie buitengewoon groot of sterk nie – hy was eintlik nogal kort. Hy was vurig, verbete, het goeie verbintenisse met groter en populêre kinders in die skool gehad en hy het gebrand met 'n onverklaarbare en passievolle weersin. Reeds in graad 8 het hy eendag van agter my rug 'n groot groen snot-ghwel op my safaripak oorhemp wat ek by die skool se klerebank getrek het, gespoeg. Dit was erger as die saamkoggel van sy trawante toe ek met my vingers en met moeite agter my rug die ghwel moes verwyder het.*

## HET DIE SITUASIE DAAR GESTOP?

*Ongelukkig nie. Daardie een was onverwags, maar daarna het die aanvalle vermeerder met toenemende voorspelbaarheid. Dit het nooit op 'n geslanery uitgeloop nie, maar dit was altyd iets om my te intimideer, te verkleineer en om my ongemaklik te maak met elke ontmoeting. Jy leer later tussen watter periodes en op watter dae jy weer by hom gaan verbystap, en maak planne om met 'n ompad langs die ander trappe af te stap om hom te vermy. Jy leer om pouses maar in die biblioteek te gaan skuil.*

*Om pouses badkamer toe te gaan was ook baie moeilik, want as 'n mens net stelling ingeneem het sou hy en die luidrugtige groepie saam met hom inkom, jou koggel en van agter stamp. Dan kan 'n man mos nie in vrede die kamer verlaat nie. Dit word dan maar 'n kwessie van tydens klasse vra om die kamer te verlaat tot die nuuskierige vermaak van leerlinge en die agterdog van onderwysers.*

## HOE HET JY OMTRENT DIE SAAK GEVOEL?

*Ek het mettertyd moedeloos geraak, moeiliker iemand gekry wat saam met my pouses wou spandeer. Ek het geword soos 'n plastieksak wat deur die wind doelloos op die skoolgronde rondgewaai word tot êrens teen 'n paal vas of teen 'n muur.*

## HET JY OOIT IEMAND DAARVAN VERTEL?

*Nee, ek het nooit by 'n onderwyser of 'n prefek daaroor gekla nie.*

## HOEKOM NIE?

*Ek weet nie. Dis al ... ek weet nie. Om eerlik te wees, het ek nie eens daaraan gedink nie. Ek vermoed nou die rede het dalk iets te doen gehad met my wat nie geglo het dat die onnies my sal kan help nie. Dalk was ek net bang ek kry nog meer moeilikheid omdat ek 'n klikbek was. Maar ek onthou dat ek nooit eers daaraan gedink het nie.*

## WANNEER HET JY BESLUIT GENOEG IS GENOEG?

*Op 'n dag in graad 10 het ek besluit: DIT STOP NOU! Tydens kadetperiode het my boelie, Pieter, agter my gestaan en my die heeltyd getreiter met allerlei persoonlike opmerkings en grappies, tot groot vermaak van die ander ouens. Skielik kon ek net nie meer nie. Ek het omgedraai en vir hom gesê: "Gaan weg, Pieter!"*

*Dit was asof hy die lotery gewen het. Uiteindelik sy kans! Met pouse, na die kadetperiodes sal hy my wys! Toe pouse aanbreek het ek oudergewoonte in die rigting*

*van die vierkant gestap om maar daar uit te hang. Maar Pieter was op my spoor. Hy het gedreig om my te slaan terwyl die ander kinders toekyk en hom aanmoedig.*

*Die groepie het baie vinnig van die aanvanklike 5 na omtrent 30 seuns gegroei. Die mees algemene gesigsuitdrukking was smalend. Daar was ook baie opwinding en genot. Sy eerste hou het met 'n draai uit die ooste gekom. En toe die tweede, uit dieselde rigting. Die derde ook. Vir die prys van 'n bloedneus en een blou oog het ek nou met redelike sekerheid geweet 'n linkerhaakhou is sy gunsteling. O ja, Pieter is mos links. Die volgende hou het ek met my regterhand gekeer en met 'n kort linker ingegaan. Ek was verras oor die gevoel van sy bakkies onder my vuis. Vir my was dit 'n nuwe gevoel, een wat ek nie geken het nie en een waarvoor ek effe gegril het. Die sagte, weerlose gesigvel wat so 'n effense geklap maak soos 'n groot hond wat hap na 'n stukkie biltong, gevolg deur die harde weerstand van die skedel daaronder.*

## HOE HET JY TOE GEVOEL?

*Ek het opgelet dat elke liewe skepsel in die groep vir Pieter skree. Soos in die flieks as alles stil raak en jy hoor net die dowwe geklop van jou hart en sien in stilte die gejuig en gespring van die omstanders en hulle wilde oë wat jou bloed wil sien.*

*Dit is toe dat iets binne in my breek ...*

*Ek het skielik besef hier is niemand wat van my hou nie, niemand wat vir my gaan opkom nie. Niemand wat wil sien dat ek heel uit hierdie ding kom nie.*

***Toe laat hang ek my arms langs my sye. Ek was klaar.***

*Die houe het begin reën, hy het toe sommer ook skoppe begin waag. Maar toe hy sien dat ek net stilstaan en niks doen nie het die houe meer halfhartig geword.*

*Hy het geskree: "Kom, slaan terug! Of is jy 'n sissie? Hoekom slaan jy nie?"*

*Met dié het hy omgedraai en onder toejuiging van sy trawante terug vierkant toe gestap. Almal van hulle, letterlik elkeen van hulle is daar saam met hom weg. Ek het stoksielalleen met my bloed en my bloukolle op die veld bly staan. Ek het nie geweet waarheen om te gaan of wat om te doen nie. Ek was kwaad, maar veral baie hartseer. Ek kon nie verstaan wat dit was van my wat mense so haatdraend teenoor my gemaak het nie.*

## JY MOES SO ALLEEN GEVOEL HET? WAT HET DAARNA GEBEUR?

*Dit was amper die einde van pouse en ek het na die vierkant toe teruggedrentel om my tas te gaan kry en die skooldag klaar te maak. 'n Mens voel so skaam en so verneder. Jy weet nie waar om jou kop in te steek nie. Jy wens jy kon onsigbaar wees.*

*Dit is toe dat 'n merkwaardige ding gebeur: met die afstap van die trappies vanaf die rugbyveld het ek gesien hoe Sarel en Jacques, al die jare die twee "coolste" ouens in die graad, met 'n spoed om die hoek gehardloop kom. Toe hulle my sien was hulle verras – hulle het verwag om my nog op die veld te sien. Dis toe dat hulle kinderagtig optree en dit was beslis nie die optrede wat ek van die twee "coolste" ouens in die graad verwag het nie. Hulle het begin om met hulle vingers op mekaar te klap soos pre-primêre skoolkindertjies en te skree "Lekkerrrr! Lekkerrrrrr!", waarna hulle omgedraai het en terug vierkant toe is.*

## WANNEER HET JY BESEF JY IS NIE DIE PERSOON WAT DAARDIE KINDERS DINK JY IS NIE?

*Daarna het 'n merkwaardige besef tot my deurgedring: vir al die ouens om so sterk oor my te voel, vir hierdie twee "cool" manne om hulself so te verneder in hul verlustiging van my leed, moet daar iets baie besonder aan my wees. Ek weet nie hoe om dit vir jou te verduidelik nie, maar daardie dag het ek skielik onder die indruk gekom van die bestaan van iets buitengewoon in my – iets wat spesiaal moet wees. Ek het geweet ek is nie 'n slegte mens nie en ek het geweet dat ek nie mense wou seermaak of dinge wou vernietig nie, so dit moes tog seker iets goed wees?*

## WAT WIL JY VANDAG VIR DIE KIND SÊ WAT GEBOELIE WORD?

*Een ding waaraan ek vandag 'n kind wil herinner wat geboelie word, is hoeveel dit verg om soveel mense te kry om intens op jou te fokus. Jy moet omtrent die interhoër-rekord in die 1500 m breek vir sulke aandag. Ek wil die slagoffer verseker dat daar iets spesiaal aan hom/haar is. Dis waarskynlik iets wat jy nog nie in jouself raakgesien het of iets waaraan of waarmee jy nog niks gedoen het nie. Ek glo dat dit iets baie besonders en buitengewoon is.*

## HOEKOM DINK JY SAL EEN KIND 'N ANDER KIND WIL BOELIE?

*Kinders hou daarvan om in te pas, hulle hou ook van die algemene en daar is niks daarmee verkeerd nie. Soms, wanneer hulle iets buitengewoon sien, raak hulle bang of vyandig. Volgens my ervaring het die "coolste" ouens op skool die ouens geword wat getrou het, kinders gekry het en met 'n huis, 'n hond en 'n grassnyer in Weltevredenpark woon. Daarom was hulle "cool", want hulle het die gewone en die gelukkige eenvoud waarna ons almal streef, vergestalt. Die randfigure op skool is nou meestal óf in die tronk óf doenig met buitengewone prestasies in die samelewing.*

## WAT WIL JY VIR OULAAS BY ONS LESERS LOS?

*As jy nie 'n wrede kind of 'n ou is wat steel of breek nie, as jy weet jy het 'n goeie hart, dan wil ek jou vandag verseker dat daar êrens in die toekoms 'n wonderlike onthulling op jou wag. Jy gaan 'n talent of 'n vermoë in jou ontdek wat mense gaan inspireer wat 'n bydrae tot die samelewing gaan maak. Jou tyd gaan kom, my vriend, en wanneer dit kom, gaan alles sin maak en jou lewe gaan 'n mooi verhaal word. Intussen, hou jou oë oop en loop lig.*

# TEMAS EN BESPREKINGSVRAE





# DEEL 2:
# TEMAS EN BESPREKINGSVRAE

## 2.1 GEBRUIK JOU VERBEELDING: SIEN 'N GEVAARLIKE REUS

Lesers word gevra om hulself te verbeel dat hulle 'n koue, lelike en kwaai reus sien. Hierdie trol simboliseer die gevoel wat daar is wanneer jy in 'n omgewing leef waar daar boelievoorvalle plaasvind: dit is skrikwekkend en gevaarlik. Lesers sal ook die definisie van boelie leer (sien Deel 1.1.1).

### BESPREKING

Gesels met kinders oor reuse. Wat is die verskillende stories wat hulle ken oor slegte reuse? Watter slegte reuse moet hulle soms by die skool in die gesig staar? Aan watter ander reuse kan hulle dink? Moedig hulle aan om versigtig na die prentjie te kyk: watter dele van die reus kan hulle sien?

**Lees weer die definisie van afknouery (Deel 1.1.1) en vra die volgende vrae:**

- Is jy al ooit geboelie? Wat het gebeur?
- Het jy al ander kinders geboelie? Wat het jy gedoen? (Lees weer Deel 1.2)
- Het jy al gesien hoe ander geboelie word of het jy al daarvan gehoor? Praat oor wat gebeur het.

## 2.2 LELIKE WOORDE EN DADE MAAK DIE BOELIEREUS STERKER

Verbale afknouery word hier voorgestel – wanneer kinders ander kinders seermaak deur lelike opmerkings oor hulle te maak.

### BESPREKING

Gesels oor lelike woorde, soos bv. om ander kinders lelike name te noem, om leuens oor iemand te vertel, om rassistiese opmerkings of ander neerhalende opmerkings oor iemand te maak. Vra die kinders of hulle aan 'n paar voorbeelde kan dink van lelike of neerhalende woorde.

## VRAE:

- Hoekom maak lelike en neerhalende woorde ander mense seer?
- Waarom word die boeliereus van afval of lelike dele gemaak? Waarom is sy klere van rommel en sy hartjie donker?
- Hoe dink jy moet 'n boeliereus lyk?
- Kragtige en positiewe woorde wat gebruik kan word om ander mense goed oor hulself te laat voel, is bv. "Dankie!", "Goeie werk!", "Ek hou van jou!" en "Wil jy my maatjie wees/Wil jy saam met my speel?" Kan jy dink aan ander?



## 2.3 WREDE AKSIES MAAK DIE BOELIEREUS STERKER


*FISIESE AFKNOUERY WORD HIER BESPREEK. (SIEN DEEL 1.1.2)*

### BESPREKING

Wrede aksies kan voorbeelde insluit soos om iemand te knyp, slaan, boks, skop, of met goed te gooi. Om iemand te dreig en om iemand bang te maak, kan ook gesien word as wrede aksies. Vra die kinders om 'n paar voorbeelde van fisiese afknouery te noem.

### VRAE:

- Kyk na die prentjie van die boeliereus by Deel 2. Hoe sal jy dit beskryf? (Vorige bladsy.)
- Aksies wat mense laat goed voel in plaas van sleg, is byvoorbeeld 'n drukkie, om 'n happie van jou eetgoedjies of 'n speelding met 'n maat te deel, of om langs iemand te gaan sit wat alleen is tydens pouse. Kan jy dink aan ander maniere?
- **Lelike en neerhalende woorde en dade sal vir altyd onthou word.** Waarom dink jy is hierdie punt belangrik?



## 2.4 STIL EN SKELM BOELIERY MAAK DIE BOELIEREUS STERKER

*Emosionele afknouery word hier bespreek – soos bv. sosiale uitsluiting, om kinders se verhoudings en reputasie te vernietig. Hierdie vorm van afknouery is gewoonlik subtiel (stil of skelm).*

### BESPREKING

Gesels oor die idee dat kinders mekaar kan boelie sonder om enige iets te sê of om fisies aan iemand te raak op so 'n manier dat iemand seerkry, maar om iemand seer te maak deur te probeer om hulle verhoudings (byvoorbeeld met vriende) en hul reputasie te vernietig. Dit is belangrik om te weet dat dit 'n vorm van boelie is en dat dit gemeen is.
Baie kinders is bekend met die simptome van emosionele afknouery, maar hulle identifiseer dit nie as boelie nie.

### VRAE:

- Watter voorbeelde is daar van stil en skelm afknouery?
- Partykeer is skelm afknouery makliker om te doen as ander vorme van afknouery. Hoekom dink jy is dit so?
- Wat beteken kuberafknouery (sien Deel 1.1.2)?
- Wat dink jy gebeur met die boeliereus wanneer iemand se gevoelens seerkry of wanneer hulle verhoudings vernietig word?

## 2.5 WIE WORD GEBOELIE?

*Teikens van afknouery is gewoonlik skaam of hulle kom voor as bang en sag. Hulle kan ook uitstaan omdat hulle "anders" is as ander kinders, maar enige iemand kan geboelie word.*

### BESPREKING

Vra waarom kinders wat gesien word as skaam, sag of bang meer geboelie word as ander. Boelies is gewoonlik op die uitkyk vir iemand wat hulle maklik kan intimideer. Kinders wat meer selfversekerd voorkom, word nie sommer maklik geboelie nie, maar dit is belangrik om te onthou dat enige iemand 'n teiken van afknouery kan wees. As kinders geteiken word, beteken dit nie dat daar iets fout is met hulle nie. Dit is nie hulle skuld nie.

## VRAE:

- Baie kinders wat geboelie word, is uniek op 'n sekere manier, alhoewel almal in die wêreld uniek is. Dink aan jou vriende. Kan jy dink aan iets uniek van elkeen van hulle?
- Wat kan jy doen om meer selfversekerd te lyk? (Maak oogkontak wanneer jy praat, moenie na die grond kyk nie, praat duidelik en direk wanneer iemand iets doen waarvan jy nie hou nie – sien Deel 1.5)
- Hoe voel dit om geboelie te word?

**Een manier hoe jy boeliesituasies kan vermy, is om saam met 'n groep vriende of onderwysers te bly. Kinders kan ook die boelie ignoreer.**



## 2.6 KINDERS WAT BOELIE

*DIE REDES WAAROM KINDERS BOELIE, WORD HIER BESPREEK (SIEN DEEL 1.4)*

### BESPREKING

Kinders wat teikens van afknouery is of wat getuies is van boelievoorvalle, wil gewoonlik weet hoekom sekere mense ander boelie. Nooi die kinders in jou groep om te dink aan die moontlike redes waarom sekere mense ander "boelies" noem en bespreek dit dan verder.

Kinders boelie ander vir verskeie redes; en om daardie redes te verstaan help met die bou van empatie (sien Deel 1.3).
Dit is belangrik om kinders wat boelie, te help om hulle eie aksies te verstaan.

### VRAE:

- Dink jy dat 'n boelie kan verander en dus ophou om ander te boelie?
- Hoe dink jy kan ander kinders bydra om 'n boelie se gedrag te verander (sien Deel 1.5)?
- Dink jy kinders wat ander boelie, is gelukkig?
- Wat is die voordele daarvan om nie ander te boelie nie?

Wanneer jy in jou groep bespreek hoe om boelies te help en hoe om uit te reik na hulle, maak die kinders bewus van hulle eie veiligheid. Kinders kan hulle instink gebruik om te besluit of 'n situasie veilig is of nie. As 'n boelie al voorheen gewelddadig opgetree het, of as die boelie baie kwaad of bedreigend lyk, moet kinders vinnig spore maak. As dit nodig is, kan die kinders beskerming soek by 'n volwasse persoon, soos byvoorbeeld 'n onderwyser.

## 2.7 KINDERS WAT BOELIE EN NIE BESEF HULLE IS BOELIES NIE

*Sekere mispersepsies oor boeliery word hier bespreek – hoofsaaklik dat dit "nie te ernstig is nie".*

### BESPREKING

Gesels met kinders oor die idee dat baie boelies nie eers besef dat hulle iets verkeerd doen nie.

Party het geen idee dat hulle aksies ander kinders – wat as teikens geklassifiseer word – seermaak nie.

Baie volwasse mense glo dat boeliery normaal is en deel vorm van die "grootwordproses", alhoewel baie van hierdie mense steeds vandag met die letsels loop. Dit kan veroorsaak dat kinders te bang is om die boeliesituasie te rapporteer.

### VRAE:

- Hoe voel dit om nie reg deur ander behandel te word nie?
- Hoekom dink jy party mense reageer nie ernstig daarop nie of dink nie dis 'n ernstige saak nie?
- Wat is die verskil tussen om iemand te boelie en om iemand te terg?
- Hoe lank onthou mense dat hulle geboelie is?

Jy wil dalk verwys na 'n vorige oefening (Deel 2.3) waar daar genoem word dat boeliegedrag deur die teikens onthou word. Vertel die kinders dat baie volwasse mense nog met die letsels van afknouery loop as gevolg van dit wat in hul kinderjare gebeur het. Dit is kragtige herinnering.

## 2.8 ENIGE IEMAND KAN DIE BOELIE WEES

*Enige iemand kan 'n boelie wees. Dit is nie altyd duidelik wie die persoon is wat ander boelie nie, want boelies kan dit geheim hou (Sien Deel 1.2).*

### BESPREKING

Wanneer mense aan die woord boelie dink, sien hulle 'n prentjie van 'n sterk seun wat ander kinders afknou. Dit is daarom belangrik om na die verskillende vorme van afknouery in die gids te kyk (sien Deel 1.1.2) en te verduidelik dat enige persoon op hierdie manier kan optree. Sommige kinders kan hulle boeliegedrag goed wegsteek. Sommige kinders kan soet en vriendelik optree teenoor grootmense, wat dit moeilik maak vir grootmense om te glo dat hierdie kinders ooit ander sal boelie. Vra vir die groep: Wat dink jy gebeur met die boeliereus wanneer boelievoorvalle in die geheim plaasvind?

### VRAE:

- Dink aan 'n tyd toe jy iets gedoen of iets gesê het wat iemand anders seer gemaak het. Wat het jy aan die situasie gedoen?

## 2.9 BAIE KINDERS IS BANG OM IETS TE DOEN OOR BOELIERY/AFKNOUERY

*Alhoewel die meeste kinders saamstem dat dit verkeerd is om ander te boelie, is baie kinders steeds bang om iets daaromtrent te doen, want hulle is bang vir moontlike nagevolge.*

### BESPREKING

Vra vir die kinders of hulle daarmee saamstem dat dit soms moeilik is om hulle stem te laat hoor oor boelies. Vra hulle of hulle al enige vrese gehad het en wat hulle daaromtrent gedoen het.

### VRAE:

- Wanneer kinders geboelie word deur ander, of sien hoe ander geboelie word en niks daaraan doen nie, watter "stilteboodskap" stuur hulle uit na die boelie?
- Watter boodskap stuur hulle uit na die persoon wat geboelie word?
- Boeliery gebeur nie tensy mense maak of dit "oukei" is nie – hoekom dink jy is dit so?

## 2.10 POSITIEWE WOORDE EN AKSIES

*Hier kan kinders leer dat hulle woorde kan gebruik wat kan help om boeliery hok te slaan.*

### BESPREKING

Jou tong is 'n swaard en dit beteken dat jou woorde 'n kragtige uitwerking op ander kan hê. Jou woorde kan pyn veroorsaak of jou woorde kan gebruik word om ander op te bou. Gesels met jou kinders oor hoe hulle woorde kan gebruik wat 'n positiewe invloed op ander sal hê. Om vir iemand 'n kompliment te gee of om iemand te nooi om saam met jou te speel, is twee maniere waarop woorde gebruik kan word om ander mense goed te laat voel. Kan die kinders dink aan nog maniere?

Wat is sekere spesifieke komplimente waaraan hulle kan dink?

### VRAE:

- Wat beteken dit om braaf te wees?
- Was jy al ooit bang om iets te sê omdat jy bang is oor wat ander van jou sal sê? Wat het jy gedoen?

## 2.11 STAAN OP TEEN BOELIES EN RAPPORTEER AFKNOUERY

Hier word die twee primêre maniere bespreek om afknouery te beveg: om vir 'n boelie te sê dat hy moet ophou waarmee hy besig is; en om die boelie by volwasse mense (soos bv. 'n onderwyser) te rapporteer. Daar word ook verduidelik wat 'n bondgenoot en 'n omstander is.

### BESPREKING

Stel die woorde **omstander** en **bondgenoot** aan die kinders bekend en verduidelik wat dit beteken. 'n Omstander is enige iemand wat 'n getuie is van 'n boeliesituasie of wat weet van afknouery, maar niks daaraan doen nie.

'n Bondgenoot is iemand wat kan getuig oor afknouery of wat daarvan weet – hy doen iets daaraan om dit te stop.

### VRAE:

- Hoe weet jy wanneer jy 'n boelie moet rapporteer?
- Wat kan jy en jou vriende doen om kinders te help wat geboelie word?
- Wat kan jy doen om 'n beter vriend te wees?
- Wat dink jy gebeur met die boeliereus wanneer kinders as bondgenote optree?



## 2.12 WANNEER KINDERS SAAMSTAAN, IS DIT MAKLIKER OM OP TE STAAN TEEN BOELIES

*Om op te staan teen boelies en om boelievoorvalle te rapporteer, kan angswekkend of moeilik lyk, maar wanneer baie kinders saamstaan en dit saam doen, is dit baie makliker.*
*Dit is ook meer doeltreffend om 'n boelie só te oortuig dat hy moet ophou met sy boeliegedrag.*

### BESPREKING

Boeliery kan as 'n eensame ervaring beskryf word. Dit kan ook eensaam vir die omstanders wees. Moedig kinders aan om met mekaar te gesels oor die feit dat hulle saam moet opstaan teen boelies. Wanneer hulle 'n plan vooraf het, is hulle meer geneig om dit in die oomblik in werking te stel.

### VRAE:

- Kan jou skool gesien word as 'n gelukkige plek? Voel dit veilig? Voel dit gelukkig en veilig vir almal?
- As dit 'n gelukkige en veilige plek vir die meeste mense is, maar nie vir almal nie, wat gebeur om dit so te maak?

## 2.13 DIE GOUE REËL

*Die goue reël, wat ook in Matteus 7:12 staan, sê dat jy ander mense moet behandel soos jy graag behandel wil word.*

### BESPREKING

Vra vrywilligers om spesifieke maniere te noem hoe hulle graag behandel wil word. Hou hulle daarvan om vertrou te word? Om 'n glimlag te ontvang? Om drukkies te onvang? Om gekomplimenteer te word? Hou hulle van hulp wanneer hulle moeilikheid het? Nadat jy 'n paar idees het, noem dat hulle hulle skool, familie, of gemeenskap 'n positiewer plek kan maak as hulle ander gereeld op hierdie maniere behandel.

### VRAE:

- As jy geboelie is en iemand anders het die voorval sien gebeur, wat sal jy wil hê moet daardie persoon doen? As jy wil hê dat hulle jou moet help, wat dink jy moet jy doen wanneer jy sien hoe iemand anders geboelie word?
- Hoekom dink jy word dit die Goue Reël genoem?

## 2.14 DIE BOELIEREUS WORD SWAKKER


*As mense mekaar goed behandel, sal die boeliereus swakker en stadiger word en uitmekaarval.*

### BESPREKING

Vra vir die kinders wat hulle kan doen om die boeliereus swakker te maak. Hulle kan mekaar met vriendelikheid en respek hanteer, hulle kan weier om ander te boelie, hulle kan saamstaan teen die boelie, en die belangrikste is dat hulle gehoorsaam moet wees aan die Goue Reël, soos in Matteus 7:12.

### VRAE:

- Wanneer die boeliereus uitmekaarval, hoe dink jy sal dit lyk?
- Maak 'n lys van dinge wat jy vandag kan doen wat sal help om die boeliereus te keer om oor te neem?



## 2.15 AANVAAR DIE UITDAGINGS

*Lesers word aangemoedig om op te staan teen boelies*

### BESPREKING

Verduidelik die woord respek aan die kinders. Om ander mense te respekteer beteken om hulle te bewonder, om hulle ernstig op te neem, en om hulle as belangrik en die moeite werd te ag. Almal verdien respek. As ons almal mekaar respekteer, hoeveel boelievoorvalle sal daar wees?

### VRAE:

- Hoe sal jy weet dat iemand miskien 'n vriend nodig het?
- Hoe sal jy weet as jy 'n volwassene se hulp nodig het?

## 2.16 TOTSIENS BOELIEREUS!!

*Wanneer mense kies om boelievry te wees, onthou hulle daardie keuse elke dag.*

### BESPREKING

Praat met kinders oor die Goue Reël en Matteus 7:12 en dat hulle dit elke dag moet volg. Om boeliery hok te slaan is nie 'n taak of 'n projek waarmee hulle kan begin en klaarmaak nie. Om boeliery regtig doeltreffend hok te slaan moet kinders mekaar elke dag met vriendelikheid en respek hanteer.

### VRAE:

- Van watter tipe skool wil jy deel wees?




AKTIWITEITE



# DEEL 3:
# AKTIWITEITE

## 3.1 VIND VOORBEELDE VAN BOELIEGEDRAG OP TELEVISIE (TV)

Boeliegedrag kan baie keer in die media waargeneem word, soos in koerante, op televisie, die internet en videospeletjies. Deur voorbeelde te soek, kan kinders meer bewus raak van die effek wat boeliegedrag op ander het. Laat hulle 'n notaboekie byderhand hou wanneer hulle TV kyk sodat hulle enige voorbeelde van afknouery wat hulle sien of hoor, kan neerskryf. Die nuus, sitkoms, realiteitsprogramme en die meeste ander tipe programme kan daarvoor gebruik word. Laat hulle ook oplet na die effek wat die boeliegedrag op die persoon of persone het wat geboelie word. Voordat hierdie aktiwiteit aan die kinders verduidelik word, moet daar seker gemaak word dat die definisie van boeliery/afknouery (sien Deel 1.1.1) met hulle bespreek word en dat die verskillende vorme (sien Deel 1.1.2) van boeliery/afknouery ook met hulle bespreek word.

**Nadat hulle notas gemaak het van boeliery/afknouery wat hulle op TV waargeneem het vir 'n paar dae, bespreek hulle hulle bevindings. Vra ook die volgende vrae:**

- Hoeveel voorvalle van boeliery/afknouery het jy op TV gesien?
- Watter vorme van boeliery/afknouery het jy gesien?
- Kenners glo dat dit sleg is vir kinders om te veel gewelddadige programme op TV te kyk. Dink jy dat te veel gewelddadige programme op TV sleg is vir kinders? Hoekom of hoekom nie?



## 3.2 SOEK BEKENDE MENSE SE STORIES OOR BOELIERY/AFKNOUERY

Laat die kinders die internet deursoek vir bekende mense wat al geboelie/afgeknou is. Hulle kan dalk verras voorkom.

**Bespreek hulle bevindings as 'n groep.**

## 3.3 MAAK BOELIEREUSCOLLAGES

Maak kopieë van die "reusdele"-opdragstuk sowel as die "Bou 'n boeliereus"-opdragstuk vir kinders wat 'n meer uitgebreide boeliereus wil bou of wat sekere dele van die reus meer as een keer wil gebruik. Moedig kinders aan om ook sekere dele van die masjien aan te vul met hulle eie tekeninge.

Laat kinders die boeliemasjiendele uitsny wat hulle wil gebruik om die boeliemasjien te bou op die "Bou 'n boeliereus"-opdragstuk. Laat hulle dan die sinne voltooi wat onder op die bladsy voorkom. Vir jonger kinders is dit belangrik dat idees van woorde aan hulle voorgestel word, terwyl ouer kinders dalk geen wil hê nie.

### BOELIEREUS



NAAM: ______________________________ DATUM: ________________________

Bou 'n boeliereus deur verskillende dele van die boeliereus onder in die boks te plak. Vul dan gepaste woorde op die lyntjies in wat sê wat jy dink van die boeliereus.

Die boeliereus is 'n ______________________ (kies 'n woord uit lys 1) reus, want hy hou van ___________________ (kies 'n woord uit lys 2).

Hy hou nie daarvan as kinders ___________________ (kies 'n woord uit lys 3) nie. Hy groei en word sterker wanneer hy ___________________ (kies 'n woord uit lys 2) sien.

Ek dink hy moet ___________________ (kies 'n  woord uit lys 4).

## WOORDIDEES (JY KAN JOU EIE WOORDE UITDINK AS JY WIL)

**1.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | gemene | 1.8 | vreeslike |
| 1.2 | wrede | 1.9 | verskriklike |
| 1.3 | aaklige | 1.10 | skrikwekkende |
| 1.4 | morsige | 1.11 | skelm |
| 1.5 | slegte | 1.12 | kwaai |
| 1.6 | nare | 1.13 | hartverskeurende |
| 1.7 | gevoellose | 1.14 | hartelose |

**2.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2.1 | gevegte | 2.8 | gemeenheid |
| 2.2 | 'n gestotery | 2.9 | selfsugtigheid |
| 2.3 | 'n gestelery | 2.10 | tergery |
| 2.4 | hartseerheid | 2.11 | slanery |
| 2.5 | valse gerugte | 2.12 | vrees |
| 2.6 | skindery | 2.13 | pyn |
| 2.7 | leuens | 2.14 | terneergedruktheid |

**3.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3.1 | deel | 3.8 | mekaar help |
| 3.2 | glimlag | 3.9 | saamwerk |
| 3.3 | beurte maak | 3.10 | vriendelik is |
| 3.4 | mekaar vertrou | 3.11 | mekaar komplimenteer |
| 3.5 | omgee | 3.12 | mooi dinge vir mekaar sê |
| 3.6 | mekaar respekteer | 3.13 | mekaar aanmoedig |
| 3.7 | lag | 3.14 | verantwoordelik is |

**4.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4.1 | weggaan | 4.5 | leer om vriendelik te wees |
| 4.2 s | top | 4.6 | verban word |
| 4.3 | verdwyn | 4.7 | 'n hart kry |
| 4.4 | uitmekaarval | 4.8 | verander in 'n ______ (Kies jou eie woord hier.) |

## 3.4 ONS KLASKAMER IS 'N PLEK WAAR...

Afhangend daarvan of jy werk in 'n klaskamer, 'n gemeenskapsomgewing, of by die huis, kan jy kopieë uitdeel van die opdragstuk "Ons Klaskamer Is 'n Plek Waar ...," "Ons Gemeenskap Is 'n Plek Waar ...," of "Ons Huis Is 'n Plek Waar...," en bespreek elke sin/verklaring met jou groep. As kinders saamstem met die sinne/verklarings, kan hulle die opdragstuk inkleur of versier.

Plak die bladsye oral in die kamer of huis om te wys dat die klaskamer, die gemeenskap, of jou huis 'n plek is waar mense mekaar aanvaar vir wie hulle is. Onderwysers of jeugleiers kan ook die kopieë van die opdragstuk saam met die kinders huis toe stuur.

**Kinders kan ook in klein groepe bymekaarkom en hulle eie plakkate maak.**

### ONS KLASKAMER/ HUIS/ GEMEENSKAP IS 'N PLEK WAAR ...



## 3.5 GEBRUIK EK-BOODSKAPPE

Verduidelik vir kinders wat ek-boodskappe is. 'n Ek-boodskap is 'n effektiewe manier om te kommunikeer oor jou gevoelens, veral as jy probeer dat iemand jou moet ophou boelie.

**'n Ek-boodskap het drie (3) stappe:**

1. Sê kalm en duidelik hoe jy voel.
2. Sê kalm en duidelik hoekom jy voel soos jy voel.
3. Sê kalm en duidelik wat jy wil hê of wat jy nodig het.

Ek-boodskappe hou die fokus op die spreker en sy/haar behoeftes eerder as om te fokus op die ander persoon, wat onenigheid kan vererger. 'n Boodskap soos "Ek voel seergemaak as jy my lelike name noem. Ek wil graag hê jy moet daarmee ophou" is byvoorbeeld meer geneig om resultate te kry as 'n boodskap soos "Jy is altyd lelik met my" of "Jy is 'n regte boelie". In beide die laaste twee boodskappe is die fokus op die ander persoon, wat maak dat hulle verdedigend optree.

Nadat jy die ek-boodskap verduidelik het, deel kopieë van die "Gebruik Ek-Boodskappe"-opdragstuk uit en behandel dit met die groep. Vra vir vrywilligers om die tonele op te voer waar een kind iets leliks sê en die ander kind die ek-boodskap moet gebruik om die eerste kind te antwoord. Rolspel moet in groepe van drie of vier oorweeg word, waar kinders leer om die ek-boodskappe te gebruik om bondgenote vir mekaar te wees.

NAAM: ______________________ DATUM: ____________________

'n Ek-boodskap is 'n manier om iemand te vertel hoe jy voel. Dit is ook 'n goeie manier om te sê wat jy wil hê en wat jy nodig het. Ek-boodskappe begin altyd met "ek" en nooit met "jy" nie.

**STAP 1: SÊ KALM EN DUIDELIK HOE JY VOEL.**

"EK VOEL ______________________________________________

______________________________________________."

VOORBEELD:

"Ek voel gefrustreerd (gevoel), want ek het al die werk op my eie gedoen (wat het gebeur?) en ek wil hê dat almal in die groep hulle deel van die taak/projek doen (wat ek wil hê).

STAP 2: SÊ KALM EN DUIDELIK HOEKOM JY VOEL SOOS JY VOEL.

"EK VOEL ________________________________________________________________
________________________________________________________________,

WANT ____________________________________________________________________
________________________________________________________________."

"EK VOEL ________________________________________________________________
________________________________________________________________,

WANT ____________________________________________________________________
________________________________________________________________

EN EK WIL HÊ DAT ________________________________________________________
________________________________________________________________
_____."

## 3.6 SOEK WOORDE

Die "Beskermingsrefleks"-woordsoekopdragstuk fokus op die maniere waarop diere hulself kan beskerm. Wanneer jy opstaan teen boelies, is dit soms genoeg om hulle te stop, maar kinders moet weet hoe om veilig te wees wanneer 'n situasie gevaarlik is. Herinner kinders om hulle instink te volg in 'n boeliesituasie. As 'n boelie al voorheen gewelddadig opgetree het, as die boelie baie omgekrap lyk, of as wapens by die situasie betrokke is, moet kinders so gou moontlik van die situasie af wegbeweeg. Die "Beskermingsrefleks"-woordsoekopdragstuk is 'n lekker manier om gesprekke aan te moedig oor hoe diere beskerming vind.

Die "Vriendelike Aksie"-woordsoekopdragstuk fokus op vriendelike aksies wat kinders kan toepas. Om vriendelike aksies uit te voer is 'n wonderlike manier om 'n positiewe atmosfeer te skep. Om boelievry te wees, beteken nie net om nie ander te boelie nie, maar ook om vriendelikheid met ander te deel.

## VIND VEILIGHEID EN BLY VEILIG

Alle diere het maniere om hulself te beskerm van gevaar. Lees die sinne onder die legkaart. Sekere woorde in die sinne is in **vet gedruk**. Kyk of jy die **vetgedrukte woorde** in die legkaart kan vind. Woorde kan horisontaal, vertikaal, diagonaal, vorentoe of agteruit wees

| | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Z | R | K | R | A | P | Z | R | K | L | C | P | X | G | I | B | A | E |
| R | O | V | W | Z | A | M | W | A | J | P | N | K | V | I | E | X | O |
| G | J | O | Y | G | U | K | M | M | O | E | A | L | O | B | E | W | P |
| R | V | E | S | H | G | I | K | O | M | N | C | E | L | L | R | D | Q |
| O | L | L | T | O | K | Y | S | E | C | N | F | U | W | A | R | Z | S |
| M | I | G | E | N | C | J | C | F | D | E | Q | R | A | F | F | P | K |
| W | E | P | R | D | F | Y | R | L | O | I | V | F | S | B | J | R | I |
| Z | G | K | V | K | K | H | P | E | D | G | S | N | S | S | A | V | L |
| O | L | K | A | I | J | A | S | R | O | R | X | O | E | W | E | I | P |
| B | G | K | R | N | T | P | T | I | P | P | H | A | N | E | S | S | A |
| V | Q | M | K | D | C | O | K | N | L | A | T | H | E | M | Q | Q | D |
| H | A | R | D | L | O | O | P | G | G | O | P | A | P | J | R | B | T |

'n **Skilpad** kruip weg in sy **dop**

'n **Akkedis** se stert val af

'n Verklerumannetjie verander van **kleur**

'n **Hond** kan **blaf**

Sommige diere gebruik **kamoeflering** om hulself te beskerm

'n **Beer** kan jou bang maak deur te **grom**

'n **Ystervark** skiet sy **penne** uit om homself te beskerm

'n **Kind** kan 'n **volwassene** vertel as hy geboelie word

'n **Vis** kan **swem** om van sy vyand te vlug

'n **Voël** kan weg**vlieg**

'n **Kat** kan sy vyand **krap**

'n Kind kan weg**hardloop** vir veiligheid

## WEES VRIENDELIK

Ons almal het die vermoë om ander mense beter te laat voel deur vriendelik te wees en iets vir hulle te doen. Lees die sinne onder die legkaart. Sekere woorde in die sinne is in vet gedruk. Kyk of jy van die **vetgedrukte woorde** in die woorde in die legkaart kan kry. Woorde kan horisontaal, vertikaal, diagonaal, vorentoe of agteruit wees.

| | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| B | O | Z | C | K | O | M | P | L | I | M | E | N | T | G | P | T | B |
| I | V | P | X | V | N | L | Q | Z | Y | N | H | I | U | K | D | I | V |
| B | R | L | Y | T | H | P | X | I | Z | L | A | B | U | N | I | E | R |
| L | I | L | V | M | E | D | E | D | E | E | L | S | A | A | M | O | Y |
| I | E | U | G | R | S | R | X | Y | N | I | Q | T | D | G | B | L | W |
| W | N | I | D | L | E | B | E | H | U | L | P | S | A | A | M | O | I |
| E | D | S | L | L | I | I | O | X | J | Z | B | U | E | O | L | J | L |
| M | E | T | S | H | I | M | K | Y | S | P | B | T | V | P | J | A | L |
| L | L | E | A | Z | H | W | L | U | F | E | A | C | F | T | J | A | I |
| Z | I | R | I | O | R | C | C | A | I | L | C | P | S | M | E | L | G |
| J | K | T | T | D | P | N | Q | D | G | T | R | T | H | C | O | K | D |
| X | B | D | R | U | K | K | I | E | Z | Q | U | E | M | C | C | S | O |

Gee iemand 'n **kompliment**

Gee vir iemand 'n **drukkie**

Wees **behulpsaam**

Wees **mededeelsaam**

**Luister** wanneer iemand met jou praat

**Reik uit** na ander

Wees **lojaal** teenoor ander

**Glimlag**, wees **vriendelik**

Help iemand **vrywillig**

## 3.7 ONTWERP 'N VISIE-BORD

Ontwerp 'n visie-bord in die klas oor hoe julle onthou wil word. Wil julle onthou word as die Boelie of die Buddy? Plak prente en woorde oor wat alles by 'n Boelie pas en wat 'n Boelie uitbeeld en doen dan dieselfde met Buddy.

